RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED

# PERSOONLIKE LYNE POLIS BEWOORDING

# INLEIDING

Hierdie polis en meegaande bylae is die kontrak tussen Renasa Versekeringsmaatskappy Beperk (die versekeraar) en jou (die versekerde).

Renasa onderneem om tydens enige versekeringstydperk waarvoor 'n premie betaal en aanvaar is, volgens hierdie polis versekering te voorsien.

Die aansoek en/of verklaring deur jou ingedien, is die grondslag van die kontrak en vorm deel van hierdie polis.

Onderteken namens die versekeraar

Renasa Versekeringsmaatskappy Beperk



Hoof van Onderskrywing

*Lees asseblief die polis sorgvuldig deur en laat jou makelaar weet van enige veranderinge en/of verdere inligting wat jy verlang. Maak seker dat jy die inhoud van al die dokumentasie verstaan. Skenk veral aandag aan die polisuitsluitings en maak ook seker dat die besonderhede, soos in die polisbylae aangebring, in alle opsigte korrek is.*

*As die versekeringspremie maandeliks betaal word, is dit noodsaaklik dat jy ons of jou makelaar laat weet indien jy onderstaande verander.*

1. *Jou bank of finansiële instelling;*
2. *die tak van jou bank of finansiële instelling, en/of*
3. *jou rekeningnommer.*

Indien jy ons nie oor veranderinge inlig nie, word jou premiedebiet nie verwerk nie en kan ons nie waarborg dat jou versekeringsdekking geldig sal bly nie.

Jou magtiging aan ons:

1. Ek aanvaar dat dit van openbare belang is dat versekeraars onderling versekeringsinligting (kredietinligting ingesluit) vir onderskrywings- en eisedoeleindes deel, aangesien dit hulle in staat stel om op billike wyse polisse te onderskryf en risiko's te beoordeel, asook om die voorkoms van bedrieglike eise te verminder, ten einde premies te beperk.
2. Namens my en enigeen wat ek volgens hierdie polis verteenwoordig, doen ek hiermee afstand van my reg op privaatheid met betrekking tot onderskrywings- of eiseinligting (kredietinligting ingesluit) wat ek of enige ander persoon namens my verskaf ten opsigte van enige versekeringspolis of eis wat ek ingestel of ingedien het.
3. Ek aanvaar dat die versekeringsinligting wat ek verskaf in die gedeelde databasis geberg en gebruik kan word soos hierbo uiteengesit, asook ten opsigte van enige besluit rakende die voortsetting van my polis of die betaling van enige eis wat ek mag indien.
4. Ek gee toestemming dat sodanige inligting aan enige versekeringsmaatskappy of agent van sodanige maatskappy bekend gemaak mag word.
5. Ek aanvaar dat die inligting teen enige wetlik erkende bronne of databasisse gestaaf mag word.

# INHOUDSOPGAWE


| AFDELING | | BLADSY |
|---|---|---|
| **ALGEMENE BEPALINGS EN VOORWAARDES** | | **3** |
| **1.** | **HUISEIENAARS (GEBOUE)** | **10** |
| **2.** | **HUISHOUDELIKE INHOUD** | **15** |
| **3.** | **PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID** | **22** |
| **4.** | **PERSOONLIKE ONGEVALLE** | **24** |
| **5.** | **ALLE RISIKO'S** | **27** |
| **6.** | **MOTORVOERTUIE`** | **29** |
| **7.** | **MOTORFIETSE** | **36** |
| **8.** | **SLEEP/WOONWAENS** | **39** |
| **9.** | **WATERVAARTUIE** | **41** |
| **10.** | **ELEKTRONIESE TOERUSTING** | **45** |
| **11.** | **UITGEBREIDE PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID** | **46** |
| **12.** | **BYBETALINGSAFKOOPPOLIS** | **48** |
| **13.** | **AANVANGSWAARDEPOLIS** | **50** |
| **14.** | **MOTORHUUR** | **52** |


AFDELINGS 1 TOT 14:ONDERSKRYF/Gedek deur Renasa Versekeringsmaatskappy Beperk,

Reg. Nr. 1998/00916/06

FSP lisensienommer 25491


| | | |
|---|---|---|
| **SASRIA NIE-MOTORAFDELING:** | Onderskryf/Gedek deur SASRIA Beperk Reg. No. 1979/00287/06 | **54** |
| **SASRIA MOTORAFDELING:** | Onderskryf/Gedek deur SASRIA Beperk Reg. No. 1979/00287/06 | **56** |


**Die toepaslike afdelings word in die bylae aangedui.**

# ALGEMENE BEPALINGS EN VOORWAARDES

**1. WOORDOMSKRYWINGS**

1.1 Tensy anders vermeld, is **jy/jou/hulle** die polishouer, soos in die bylae aangedui en sy/haar/hulle wettige of gemeenregtelike gade of lewensmaat en lede van sy/haar/hulle gesin wat normaalweg by hom/haar/hulle inwoon.

1.2 **Ons** is Renasa Versekeringsmaatskappy Beperk.

1.3 **Bybetaling/Eerste Bedrag Betaalbaar** is die bedrag deur jou betaalbaar.

**2. VERTOLKING**

Hierdie polis, die bylaes en enige endossemente wat van tyd tot tyd uitgereik mag word, moet as een dokument gelees word. Enige woord of uitdrukking waaraan 'n besondere betekenis geheg word, beteken dieselfde waar dit ook al voorkom. Paragraafopskrifte dien slegs as verwysing en raak nie die vertolking van die polis of bylaes en endossemente nie.

Die oorspronklike dokument is in Engels opgestel. Indien daar enige twyfel bestaan oor die vertolking van enige woord, frase of gedeelte van hierdie dokument, geniet die Engelse weergawe voorkeur.

**3. NAKOMING VAN POLISBEPALINGS**

Die nakoming van die polisbepalings deur enigeen wat skadeloosstelling, vergoeding of voordele eis, is 'n voorwaarde vir ons aanspreeklikheid.

**4. VOORKOMING VAN VERLIES**

Jy moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref om verlies, skade, ongevalle en regsaanspreeklikheid te voorkom en jy mag noodherstelwerk aan jou eiendom aanbring, ten einde verdere skade te voorkom.

**5. EISPROSEDURE EN -VEREISTES**

5.1 In die geval van 'n voorval wat waarskynlik tot 'n eis aanleiding kan gee, moet jy ons binne 30 (dertig) opeenvolgende dae nadat jy van die voorval te wete gekom het, in kennis stel daarvan en so gou moontlik daarna onderstaande aan ons verskaf.

5.1.1 Besonderhede van enige ander versekering wat dieselfde voorval dek;

5.1.2 skriftelike besonderhede van die voorval;

5.1.3 sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings wat ons van tyd tot tyd mag vereis om die eis te staaf of te skik; en/of

5.1.4 enige dokument of besonderhede van enige kommunikasie wat jy in verband met die eis ontvang.

5.2 Jy mag geen blaam of aanspreeklikheid erken, of enige verklaring, aanbod, belofte of betaling maak of skadevergoeding aanbied sonder ons skriftelike toestemming nie. By versuim hiervan kan jy enige en alle skadeloosstelling ten opsigte van alle afdelings van hierdie polis verbeur.

5.3 Jy moet motorongelukke, voorvalle van diefstal of kwaadwillige beskadiging van enige versekerde eiendom binne 'n redelike tyd by die polisie aanmeld.

5.4 Ons mag die verdediging of skikking van enige eis oorneem of waarneem en het die reg om jou naam vir hierdie doel te gebruik.

5.5 Jy moet alle inligting verstrek en hulp verleen wat ons benodig om skadeloosstelling van ander partye te verkry.

5.6 Sodra jy bewus raak van enige ondersoek na of hangende regsoptrede ten opsigte van enige voorval wat tot 'n eis aanleiding sal of kan gee, moet jy ons in kennis stel daarvan.

5.7 Indien ons enige eis wat volgens enige afdeling van hierdie polis ingestel is, betwis of summier van die hand wys, moet jy binne 90 (neëntig) opeenvolgende dae na ons skriftelike kennisgewing vertoë tot ons rig. Ons word van alle aanspreeklikheid vrygestel, tensy ons binne 180 (honderd-en-tagtig) opeenvolgende dae na die verstryking van die 90 (neëntig) dae tydperk waarbinne jy vertoë tot ons moet rig, 'n dagvaarding ontvang.

**6. ANDER VERSEKERING**

Indien die verlies, skade of aanspreeklikheid deur enige ander versekering gedek word, betaal ons nie meer as ons eweredige gedeelte van die eis nie, op voorwaarde dat dekking volgens sodanige ander versekering meer spesifiek as hierdie polis se dekking is. Ons dra slegs tot enige tekort by indien die versekerde bedrag onvoldoende is om jou vir jou eis te vergoed. Hierdie voorwaarde geld nie vir persoonlike ongevalle nie.

**7. HERSTEL VAN DIE VERSEKERDE BEDRAG**

Die versekerde bedrag verminder nie as gevolg van enige eisbedrag nie. Ons kan jou versoek om die premie op die eisbedrag te betaal, vanaf die datum van die verlies of skade tot by die verstryking van die versekeringstydperk. Dit is afsonderlik van toepassing op die Huishoudelike Inhoud-, Huiseienaars- (Geboue) en Alle Risiko's-afdelings (slegs ongespesifiseerde items).

**8. KANSELLASIE**

**8.1 Maandpolis**

Jy kan hierdie polis of enige afdeling daarvan kanselleer deur ons skriftelik kennis te gee. Ons kan die polis of enige afdeling daarvan kanselleer of wysig deur jou 30 (dertig) opeenvolgende dae skriftelik kennis te gee by jou laaste bekende adres.

**8.2 Jaarpolis**

Ons kan hierdie polis of enige afdeling daarvan kanselleer of wysig deur jou 30 (dertig) opeenvolgende dae skriftelik kennis te gee by jou laaste bekende of benoemde adres of jy kan die polis of enige afdeling daarvan met onmiddellike kennisgewing kanselleer. Indien jy die polis kanselleer, kan ons die gebruiklike korttermyn- of minimum premie terughou. Indien ons die polis kanselleer, kan jy 'n eweredige terugbetaling eis.

**8.3 Premiebetaling**

Indien jy die premiebetaling staak, word hierdie polis outomaties gekanselleer vanaf die datum waarop dit betaalbaar was. Ons kan die premiebedrag wat volgens hierdie polis betaalbaar is, wysig deur jou 30 (dertig) dae skriftelik kennis te gee van die wysiging.

8.3.1 Maandpolis

Die premie is betaalbaar op die eerste dag van elke maand, tensy skriftelik anders ooreengekom.

Indien die premie nie teen die sperdatum waarop dit verskuldig is, betaal word nie, staan ons 'n 30 (dertig) dae grasietydperk aan jou toe vanaf sodanige sperdatum, en 'n debietorder ten opsigte van die onbetaalde debietorder, sowel as ten opsigte van die premie vir die daaropvolgende maand, word ingedien. Indien betaling vir die dubbele debietorder steeds nie ontvang word nie, word jou polis outomaties vanaf die oorspronklike datum waarop die premie betaalbaar was, gekanselleer.

Indien jy gedurende bogenoemde grasietydperk van 30 (dertig) dae 'n eis instel, word sodanige eis nie afgehandel voordat die verskuldigde premies betaal is nie.

8.3.2 Jaarpolis

Die premie is betaalbaar voor of op die aanvangs- of hernuwingsdatum, na gelang van omstandighede. Ons is nie verplig om 'n premiebetaling wat 30 (dertig) dae na die aanvangsdatum aangebied word, te aanvaar nie. Indien ons nie die premie binne 30 (dertig) dae vanaf die datum waarop dit betaalbaar was, ontvang nie, geniet jy geen dekking nie en verstryk die polis outomaties vanaf 24:00 (middernag) op die dag voor die dag waarop dit betaalbaar was.

**9. OUTOMATIESE INFLASIEVERHOGING**

Die versekerde bedrae vir Huishoudelike inhoud, Huiseienaars (Geboue) en Alle Risiko's (Algemeen) kan jaarliks outomaties op die jaardatum van die polis verhoog met 'n persentasie wat met inflasie tred hou. Dit bly egter steeds jou plig om te verseker dat al jou versekerde eiendom teen die volle waarde daarvan verseker is.

**10. RISIKOVERANDERING**

Ons kan weier om jou vir verlies, skade, ongevalle of aanspreeklikheid ten opsigte van enige item of afdeling skadeloos te stel of te vergoed in die geval van materiële risikoverhoging sonder ons wete en toestemming, of in die geval van materiële wanvoorstelling, onjuiste omskrywing of verswyging.

**11. OPROER- EN STAKINGSUITBREIDING (Moontlike dekking voorsien deur die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging vir Spesiale Risiko's of die Namibiese Versekeringsvereniging vir Spesiale Risiko's, uitgesluit)**

Ongeag enige teenstrydigheid vervat in Uitsluiting 13.3,

11.1 word hierdie polis uitgebrei om verlies van of skade aan eiendom of liggaamlike besering regstreeks veroorsaak deur of as gevolg van

11.1.1 burgerlike oproer, arbeidsonrus, opstand, staking of uitsluiting, of

11.1.2 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid tydens die beheer, voorkoming, onderdrukking of enige ander wyse van hantering ten opsigte van enige voorval waarna in 11.1.1 hierbo verwys word,

11.2 dek hierdie uitbreiding nie verlies van of skade aan eiendom of liggaamlike besering wat

11.2.1 plaasvind binne of buite die gebiedsgrense van die Republiek van Suid-Afrika of Namibië, soos in die polis gespesifiseer;

11.2.2 ontstaan uit 'n totale of gedeeltelike werkstaking of die vertraging of staking van enige proses of bedryf;

11.2.3 veroorsaak word deur permanente of tydelike onteiening as gevolg van inbesitneming of beslagneming deur enige wettig ingestelde owerheid, of

11.2.4 verband hou met of veroorsaak word deur enige voorval waarna in die algemene uitsluitings verwys word, of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid tydens die beheer, voorkoming of onderdrukking of enige ander wyse van hantering van enige sodanige voorval nie.

Indien ons aanvoer dat verlies of skade of liggaamlike besering nie volgens 11.2.1, 11.2.2, 11.2.3, of 11.2.4 hierbo gedek word nie, rus die las op jou om die teendeel te bewys.

**12. JURISDIKSIE**

Hierdie polis is onderworpe aan die jurisdiksie van die howe van die Republiek van Suid-Afrika.

**13. ALGEMENE UITSLUITINGS**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

**13.1 Bedrog**

Enige eis wat in enige opsig bedrieglik is ten opsigte van 'n voorval of bedrag wat geëis word.

**13.2 Opsetlike optrede**

Verlies, skade of liggaamlike besering opsetlik deur jou of met jou medewete deur enige ander persoon veroorsaak.

**13.3 Oorlog, oproer en terreur**

(A) Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom of liggaamlike besering in verband met of veroorsaak deur onderstaande nie.

13.3.1 Burgerlike oproer, arbeidsonrus, opstand, staking of uitsluiting of openbare wanorde of enige berekende optrede of aktiwiteit wat daarop gerig is om enige van voorafgaande teweeg te bring;

13.3.2 oorlog, inval, optrede deur 'n vreemde vyand, vyandelikhede of oorlogsbedrywighede (of oorlog verklaar word of nie) of burgeroorlog;

13.3.3 (a) muitery, militêre opstand, militêre of wederregtelike oorname, krygswetgewing of 'n staat van beleg, of enige ander voorval of oorsaak wat die verklaring of instandhouding van krygswetgewing of 'n staat van beleg bepaal, of

(b) opstand, rebellie of revolusie;

13.3.4 enige berekende optrede (indien namens enige organisasie, liggaam of persoon of groep persone) wat daarop gerig is om enige staat of regering, provinsiale, plaaslike of stamowerheid met mag of deur middel van vrees, terreur of geweld omver te werp of te beïnvloed;

13.3.5 enige berekende optrede wat daarop gerig is om vernietiging of skade of liggaamlike besering teweeg te bring, ten einde enige politieke oogmerk, doelwit of saak te bevorder, maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige staat, regering, provinsiale, plaaslike of stamowerheid of met die doel om vrees by die publiek of enige sektor daarvan te laat posvat;

13.3.6 enige poging om enige optrede waarna in bostaande uitsluitings 13.4.4 of 13.4.5 verwys word, uit te voer; en

RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED

13.3.7 die optrede van enige wettig ingestelde owerheid tydens die beheer, voorkoming of onderdrukking van enige voorval waarna in bostaande uitsluitings 13.3.1, 13.3.2, 13.3.3, 13.3.4, 13.3.5 of 13.3.6 verwys word of enige ander wyse van hantering van sodanige voorval.

Indien ons aanvoer dat verlies of skade of liggaamlike besering volgens uitsluitings 13.3.1, 13.3.2, 13.3.3, 13.3.4, 13.3.5, 13.3.6 of 13.3.7 nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op jou om die teendeel te bewys.

(B) Hierdie polis dek geen verlies of skade wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur ‘n voorval waarvoor ’n fonds gestig is kragtens die Wet op Oorlogskade, Versekering en Vergoeding (nr 85 van 1976) of enige soortgelyke wetgewing wat in enige gebied waar hierdie polis van toepassing is, van krag is nie.

(C) Ongeag enige voorwaardes van hierdie polis, insluitend enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of enige ander bepaling wat nie hierin vervat word nie en wat andersins ’n algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie die verlies van of skade aan eiendom of uitgawe van hoegenaamd enige aard wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of voortspruit uit of wat verband hou met enige terreurdaad nie, ongeag enige ander oorsaak of voorval wat tegelykertyd of in enige volgorde tot die verlies, skade of uitgawe bydra.

Vir die doel van Algemene Uitsluiting 13 (C) sluit ’n terreurdaad die onbeperkte gebruik van geweld of mag of dreigement daartoe in, of sodanige optrede skadelik vir menslike oorlewing is of nie, of dit deur enige persoon of groep persone, alleen of namens of in verband met enige organisasie of regering of enige ander persoon of groep persone weens politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese oorwegings gepleeg word, insluitend enige doelbewuste optrede om enige regering te beïnvloed of om vrees by die publiek of enige sektor daarvan te laat posvat.

Indien ons aanvoer dat verlies of skade volgens hierdie uitsluiting nie deur die polis gedek word nie, rus die las op jou om die teendeel te bewys.

**13.4 Kernwapens en verwante prosesse**

Hierdie polis dek nie enige regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste of uitgawe hoegenaamd of enige gevolglike verlies, regstreeks of onregstreeks veroorsaak, of waartoe bygedra word of voortspruitend uit onderstaande nie.

(i) Ionisasie, bestraling of radio-aktiewe besmetting weens enige kernbrandstof of –afvalstowwe, afkomstig van die ontsteking of gebruik van kernbrandstof;

(ii) kernwapenmateriaal, kernsplitsing of –splyting, kernbestraling;

(iii) kernplofstowwe of enige kernwapen, of

(iv) kernafval in enige vorm hoegenaamd,

ongeag van enige ander oorsaak of voorval wat tegelykertyd of in enige volgorde tot die verlies bydra.

Slegs vir die doel van hierdie uitsluiting, sluit ontsteking enige selfonderhoudende proses van kernsplitsing in.

**13.5 Gevolglike verlies**

Gevolglike verlies of skade behalwe soos spesifiek voorsien.

**13.6 Rekenaarverliese**

**Algemene uitsluiting (van toepassing op persoonlike en skootrekenaars)**

Hierdie polis dek nie onderstaande nie.

(a) Verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd (insluitend ’n rekenaar) of enige verlies of uitgawe hoegenaamd as gevolg van of voortspruitend uit

(b) enige regsaanspreeklikheid van enige aard hoegenaamd, of

(c) enige gevolglike verlies,

regstreeks of onregstreeks veroorsaak of waartoe bygedra is deur of wat bestaan of voortspruit uit die onvermoë of versuim van enige rekenaar om hoegenaamd

(i) enige datum as die korrekte of ware kalenderdatum te hanteer of enige data of inligting korrek of behoorlik te herken, manipuleer, vertolk, verwerk, berg, ontvang of daarop te reageer of om enige opdrag of instruksie met betrekking tot of in

verband met enige sodanige datum uit te voer, of

(ii) enige inligting of kode vas te lê, te berg, behou of te verwerk as gevolg van die werkverrigting van enige opdrag wat in enige rekenaar geprogrammeer is synde 'n opdrag wat lei tot verlies aan data of die onvermoë om sodanige data vas te lê, te berg, behou of korrek te verwerk, of

(iii) enige inligting of kode vas te lê, te stoor, behou of te prosesseer weens programfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of bederwing van data en/of programme, of

(iv) enige data vas te lê, te berg, behou of te verwerk as gevolg van die uitwerking van enige rekenaarvirus of ander bederwende, skadelike of ongemagtigde kode of instruksie, insluitend enige trojaan, tyd- of logiese bom of wurm of enige ander vernietigende of ontwrigtende kode, media, program of versteuring.

'n Rekenaar sluit in enige dataverwerkingstoerusting, mikroskyfie, geïntegreerde stroombaan of soortgelyke toestel in rekenaar of nie-rekenaartoerusting of enige rekenaarsagteware, -gereedskap, -bedryfstelsel of enige rekenaarhardeware of periferale toerusting en die inligting of data wat elektronies of andersins in of op enige van bogenoemde geberg word, of dit jou eiendom is of nie.

**Spesiale uitbreiding van Algemene Uitsluiting 13.6**

(A) Verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom deur brand, ontploffing, weerlig, aardbewing of deur die spesiale gevare waarna hieronder verwys word of wat deur die Persoonlike Ongevalle-, Motorvoertuig-, Motorfiets-, Sleep-/Woonwa- of Watervaartuigafdelings skadeloos gestel word, word nie deur hierdie algemene uitsluiting uitgesluit nie. Spesiale gevare wat vir die doel van hierdie spesiale uitbreiding ingesluit word, is skade veroorsaak deur storm, wind, water, hael of sneeu, maar skade aan eiendom uitgesluit

(a) wat voortspruit uit enige proses wat waterverbruik noodsaak;

(b) veroorsaak deur getygolwe weens 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

(c) in die ondergrondse mynboubedrywighede van enige myn;

(d) in die ope lug, tensy sodanige geboue, strukture en bedryfstoerusting ontwerp is om in die ope lug te funksioneer;

(e) in enige struktuur wat nie heeltemal onderdak is nie;

(f) wat keermure is,

tensy (d), (e) en (f) so beskryf en spesifiek as 'n aparte item verseker is;

(g) vliegtuie en enige ander lugvaartuie of voorwerpe wat daaruit val; en

(h) botsing met diere, bome, antennas, satellietskottels of voertuie, maar skade aan sodanige diere, bome, antennas, satellietskottels of voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie, uitgesluit.

Hierdie spesiale gevare dek nie slytasie of geleidelike agteruitgang nie.

(B) Hierdie spesiale uitbreiding verseker geen verlies, vernietiging, skade of gevolglike verlies, indien dit in die afwesigheid van hierdie algemene uitsluiting en spesiale uitbreiding nie gedek sou wees nie.

**14. KONFISKASIE OF BESLAGLEGGING**

Ons is nie aanspreeklik vir enige verlies, skade, koste of uitgawe regstreeks of onregstreeks voortspruitend uit aanhouding, konfiskasie, verbeurdverklaring, beslaglegging of kommandering, regtens uitgevoer deur doeanebeamptes, die SA Polisiediens, misdaadvoorkomingseenhede of ander amptenare of owerhede nie.

**15. UITBREIDING: BESOEDELING EN BESMETTING**

Hierdie polis dek nie enige verlies, skade, koste of uitgawe regstreeks of onregstreeks voortspruitend uit besmetting, besoedeling, roet, afsetting, benadeling deur stof, chemiese neerslag, verdunningsmiddels, vergiftiging, onsuiwerheid, epidemie of siekte, of weens beperking of voorkoming of die gebruik van voorwerpe as gevolg van gesondheidsrisiko's nie.

15.1 Hierdie uitbreiding is nie van toepassing indien sodanige verlies of skade regstreeks die gevolg is van

onderstaande gevare nie.

RENASA INSURANCE COMPANY LIMITED

15.1.1 Brand, weerlig, botsing met vliegtuie;

15.1.2 botsing met voertuie, supersoniese knal;

15.1.3 toevallige waterlekkasie uit watertenks, apparaat of pype;

15.1.4 kwaadwillige skade;

15.1.5 storm, hael;

15.1.5 vloed, oorstroming;

15.1.7 aardbewing

15.1.8 grondstorting, versakking;

15.1.9 sneeudruk, gletsers, of

15.2 fisiese skade deur die oorspronklike polis verseker, wat op die versekerde perseel plaasgevind het.

Indien ‘n gevaar wat nie deur die oorspronklike polis uitgesluit word nie, regstreeks uit besoedeling en/of besmetting voortspruit, word enige verlies of skade wat regstreeks uit sodanige gevaar voortspruit, gedek.

Alle ander bepalings en voorwaardes van die polis bly onveranderd, en veral die uitsluitings word nie deur hierdie klousule vervang nie.

**16. UITSLUITING: TERREUR, BESMETTING EN PLOFSTOF**

Die ooreenkoms is dat, ongeag enige bydraende oorsake, hierdie polis nie enige verlies, skade, koste en uitgawe dek wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit

(a) biologiese of chemiese besmetting, of

(b) missiele, bomme, granate, plofstowwe,

weens enige terreurdaad nie.

Vir die doel van hierdie uitsluiting beteken **terreurdaad** optrede wat die gebruik van mag of geweld en/of dreigement daartoe insluit, maar nie beperk is daartoe nie, deur enige persoon, groep(e) persone wat alleen of namens of in verband met enige organisasie(s) of regering(s) en/of die publiek of enige sektor daarvan optree, ten einde vrees te laat posvat.

Vir die doel van (a) beteken **besmetting** die vergiftiging of voorkoming en/of beperking van die gebruik van voorwerpe as gevolg van die uitwerking van chemiese en/of biologiese middels.

Indien ons aanvoer dat enige verlies, skade, koste of uitgawe volgens hierdie uitsluiting nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op jou om die teendeel te bewys.

RENASA INSURANCE COMPANY LIMITED

**17. UITSLUITING: AANSTEEKLIKE EPIDEMIES/PANDEMIES (Van toepassing op Huiseienaars (Geboue), Persoonlike Aanspreeklikheid, Persoonlike Ongevalle, Alle Risiko’s, Motorvoertuie, Motorfietse, Woon-/Sleepwaens, Watervaartuie, Elektroniese Toerusting en alle ander eiendomskategorieë)**

Hierdie versekering sluit enige verlies, skade, koste of uitgawe, regstreeks of onregstreeks voortspruitend uit of waartoe bygedra word deur of as gevolg van enige aansteeklike epidemie/pandemie uit.

Vir die doel van hierdie klousule beteken **aansteeklike epidemies** die skielike, onverwagse, grootskaalse manifestasie van ‘n aansteeklike, mensverwante siekte wat aanvanklik slegs plaaslik voorkom, maar vinnig en met groot hewigheid versprei.

Indien ons aanvoer dat enige verlies, skade, koste of uitgawe volgens hierdie uitsluiting nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op jou om die teendeel te bewys.

**18. UITSLUITING: AANSTEEKLIKE EPIDEMIES/PANDEMIES (Van toepassing op Persoonlike Aanspreeklikheid, Persoonlike Ongevalle en enige ander ongevallekategorieë)**

Hierdie versekering sluit enige verlies, skade, koste of uitgawe, regstreeks of onregstreeks voortspruitend uit of waartoe bygedra word deur of as gevolg van enige aansteeklike epidemie/pandemie uit (hoe ook al deur die betrokke nasionale of internasionale liggaam/agentskap geklassifiseer), wat aanleiding gee tot

(a) die oplegging van kwarantyn of beperkte beweging van mense of diere deur enige nasionale of internasionale liggaam of

agentskap; en/of

(b) enige reisadvies of –waarskuwing deur ‘n nasionale of internasionale liggaam of agentskap uitgereik en, ten opsigte van (a) of (b), enige werklike of waarneembare vrees of dreigement daartoe.

Indien ons aanvoer dat enige verlies, skade, koste of uitgawe volgens hierdie uitsluiting nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op jou om die teendeel te bewys.

**19. SANKSIEBEPERKINGS- EN UITSLUITINGSKLOUSULE**

Hierdie versekering word nie geag dekking te voorsien en ons nie aanspreeklik te wees vir enige eis of om enige voordeel hiervolgens te voorsien, indien sodanige voorsiening van dekking, betaling van sodanige eis of voorsiening van sodanige voordeel ons aan enige sanksie, verbod of beperking kragtens die resolusies of handels- of ekonomiese sanksies van die Verenigde Nasies, wetgewing of regulasies van die Europese Unie, Verenigde Koninkryk of Verenigde State van Amerika blootstel nie.

RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED

# AFDELING 1
# HUISEIENAARS (GEBOUE)

**WOORDOMSKRYWINGS**

Vir die doel van hierdie afdeling beteken

1. **woonhuis** die privaatwoning en huishoudelike buitegeboue, die huiseienaar se los en vaste toebehore, water-, riool-, gas-, elektrisiteits- en telefoonverbindings, paadjies en opritte gebou van stene, beton, plaveisel, asfalt of klip (nie gruis nie), mure, hekke en heinings (plantheinings uitgesluit), swembaddens insluitend vaste waterfiltreertoerusting, waterpompmasjinerie (nie outomatiese swembadskoonmaakapparaat nie); tennisbane, saunas en borrelbaddens wat aan jou behoort en geleë is te die risiko-adres, soos in die bylae aangedui; en

2. **herstel**,

   2.1 indien die woonhuis vernietig is, die herbou daarvan, of

   2.2 indien die woonhuis beskadig is, die herstel van die beskadigde gedeelte,

   so na as moontlik aan die toestand daarvan soos nuut.

**DEKKING VOORSIEN**

**1. ONS SKADELOOSSTELLING AAN JOU**

Indien verlies of vernietiging van of skade aan die woonhuis voortspruit uit of veroorsaak word deur ’n versekerde voorval,

1.1 stel ons jou na goeddunke skadeloos deur die herstel van die woonhuis of betaling van die herstelkoste, op voorwaarde dat, indien die waarde van die woonhuis ten tye van die vernietiging of beskadiging (insluitend die slopingskoste en professionele fooie) die versekerde bedrag oorskry, jy jou eie versekeraar vir die verskil is en ’n eweredige gedeelte van die verlies moet dra, of

1.2 kan jy binne ses maande na die datum van vernietiging of skade kies om die woonhuis op dieselfde perseel (of op ’n ander perseel en op die wyse wat jy verkies, mits ons aanspreeklikheid nie verhoog nie) te herstel tot so na as moontlik aan die toestand daarvan soos nuut, op voorwaarde dat

   1.2.1 herstelwerk binne ’n redelike tyd begin en voltooi word, anders skik ons ooreenkomstig 1.1 hierbo;

   1.2.2 ons nie aanspreeklik is vir koste wat die koste, soos volgens 1.1 hierbo betaalbaar, oorskry, voordat jy sodanige koste aangegaan het nie; en

   1.2.3 as die koste (insluitend slopingskoste en professionele fooie) wat aangegaan sou word om die woning te herstel, indien heeltemal vernietig ten tye van die vernietiging of skade, die versekerde bedrag oorskry, jy jou eie versekeraar vir die verskil is en ’n eweredige gedeelte van die herstelkoste moet dra.

RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED

**2. VERSEKERDE VOORVALLE**

Versekerde voorvalle sluit onderstaande in.

2.1 Brand, weerlig, ontploffing;

2.2 opsetlike of kwaadwillige optrede, maar vernietiging of skade veroorsaak terwyl die gebou leeg of onbewoon is, uitgesluit;

2.3 storm, wind, water, hael, sneeu of vloede, maar vernietiging of skade uitgesluit

   2.3.1 veroorsaak deur die verskuiwing van grond wat die woonhuis stut, selfs al is sodanige verskuiwing deur storm- of vloedwater veroorsaak (nie van toepassing op die verwydering van stutgrond deur vloeiende oppervlakwater nie);

2.4 aardbewing, ook voortspruitend uit mynboubedrywighede;

2.5 bars van pype en waterapparaat of bars, lekasie of oorloop van vaste olieverhittingsapparaat (insluitend skade aan sodanige apparaat en pype);

2.6 diefstal of poging daartoe, op voorwaarde dat, indien die woonhuis leeg is, sodanige diefstal met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaard gaan;

2.7 botsing;

2.8 brekasie of inmekaarval van radio- of televisie-antennas of maste, insluitend satellietskottels;

2.9 versakking of verskuiwing van grond wat die woonhuis stut, op voorwaarde dat sodanige vernietiging of skade nie veroorsaak word deur of voortspruit uit

2.9.1 uitgrawings, behalwe uitgrawings as gevolg van mynboubedrywighede;

2.9.2 verbouings, aanbouings of herstelwerk aan die woonhuis;

2.9.3 die verdigting van vulstof;

2.9.4 gebrekkige ontwerp, materiaal of vakmanskap, of

2.9.5 normale versakking, inkrimping of uitsetting van die grond wat die woonhuis stut of die woonhuis self nie.

**3. BREKASIE VAN GLAS EN BADKAMERTOERUSTING**

In die geval van toevallige brekasie in die woonhuis (behalwe indien dit leeg staan) van

3.1 vaste glas, of

3.2 vaste badkamertoerusting, maar versplintering, krapmerke of ontsiering uitgesluit,

betaal ons daarvoor of herstel of vervang dit na ons keuse.

Jy is verantwoordelik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van elke eis, soos in die bylae aangedui.

**4. HUURGELD**

Indien die privaatwoning onbewoonbaar raak as gevolg van 'n versekerde verlies, vernietiging of skade, betaal ons tot hoogstens 25% van die versekerde bedrag ten opsigte van die woonhuis. Die betaalbare bedrag word gebaseer op die tydperk wat vir herstel benodig word en

4.1 die jaarlikse huuropbrengswaarde van die ongemeubileerde woonhuis, indien dit jou permanente woning was, of

4.2 die jaarlikse huurgeld van die ongemeubileerde woonhuis, indien dit ten tye van die verlies, vernietiging of skade gehuur word.

**5. WATERPOMPMASJINERIE, ELEKTRONIESE HEKKE, MOTORHUISDEURMASJINERIE, OUTOMATIESE SPRINKELBESPROEIINGSTELSELS EN DIEFALARMSTELSELS.**

Indien vaste filtreertoerusting of waterpompmasjinerie (nie outomatiese swembadskoonmaakapparaat nie), elektriese hekke, motorhuisdeurmasjinerie, outomatiese sprinkelbesproeiingstelsels of diefalarmstelsels, waarnemingskameras, interkomstelsels of enige soortgelyke toestel in huishoudelike gebruik verlore, vernietig of beskadig raak (nie weens slytasie nie) betaal ons daarvoor of herstel of vervang dit na ons keuse. Jy is verantwoordelik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar vir elke eis, soos in die bylae aangedui.

**6. OPENBARE TOEVOER OF HOOF-TOEVOERVERBINDINGS**

In die geval van die toevallige vernietiging van of skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteits- of telefoonverbindings tussen jou woonhuis en die openbare toevoerpunt, wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, betaal ons daarvoor of herstel dit na ons keuse.

**7. OPENBARE OWERHEIDSVEREISTES**

Ons betaal die nodige herstel- of herboukoste volgens openbare owerheidsvereistes aangegaan, na vernietiging van of skade aan die woonhuis deur 'n versekerde voorval.

**8. BRANDBESTRYDINGSKOSTE**

Ons stel jou skadeloos ten opsigte van brandbestrydingskoste na brandskade aan die woonhuis of ter voorkoming van brandskade aan die woonhuis.

**9. SLOPINGSKOSTE EN PROFESSIONELE FOOIE**

Ons betaal die nodige koste wat jy met ons skriftelike toestemming aangaan vir

9.1 die sloping van die woning, puinverwydering vanaf die perseel en die oprigting van opgaarfasiliteite benodig vir boubedrywighede;

9.2 argitekte, bourekenaars en raadgewende ingenieursfooie; en

9.3 plaaslike owerhede se ondersoekfooie,

na verlies of vernietiging van of skade aan die woonhuis deur ’n versekerde voorval.

**10. SEKURITEITSWAG(TE)**

Ons stel jou skadeloos vir koste redelikerwys aangegaan vir die aanstel van ‘n sekuriteitswag na verlies of skade veroorsaak deur ’n versekerde voorval, tot hoogstens R10 000.

**11. OPENBARE HUISEIENAARSAANSPREEKLIKHEID**

Indien jou woning volgens hierdie afdeling verseker word, word skadeloosstelling volgens Afdeling 3: Persoonlike Aanspreeklikheid voorsien vir soverre dit op huiseienaarsaanspreeklikheid van toepassing is.

**12. TOEVALLIGE SKADE**

Ons stel jou na goeddunke skadeloos teen toevallige skade aan die eiendom (soos omskryf) deur daarvoor te betaal, dit te herstel of te vervang.

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

12.1 Die eerste R5 000 van elke eis, of

12.2 meer as R50 000 in totaal vir enige enkele eis, of

12.3 verlies, vernietiging of skade veroorsaak deur of as gevolg van slytasie, elektriese en/of meganiese onklaarraking, waardevermindering, roes, skimmel, motte, ongediertes, insekte of enige voorval voorheen (volgens par 2: Versekerde Voorvalle) omskryf, of enige geleidelike agteruitgang, kleurings-, skoonmaak- of opknappingsproses, die uitwerking van lig of atmosferiese toestande, konfiskasie of aanhouding deur enige regsproses of gebrek aan redelike onderhoud, of

12.4 gevolglike verlies van enige aard.

**13. TUINSKADE**

Ons stel jou skadeloos teen koste wat jy redeliker- en noodsaaklikerwys in jou hoedanigheid as eienaar van die privaatwoning aangaan vir die vervanging van bome, struike, grasperke, plante en vaste sprinkelbesproeiingstelsels geleë op die perseel van die woonhuis, as gevolg van brand, brandbestrydings- of ander nooddiensbedrywighede, ontploffing, botsing met voertuie, vliegtuie of ander lugvaartuie, opsetlike en kwaadwillige optrede, tot hoogstens R10 000, maar diefstal of poging daartoe uitgesluit.

**14. KRAGSTUWING**

Ons stel jou skadeloos teen koste wat nie 5% van die versekerde bedrag oorskry nie, redeliker- en noodsaaklikerwys deur jou aangegaan na vernietiging van of skade aan vaste toerusting en toebehore in die woonhuis, veroorsaak deur of voortspruitend uit kragstuwing of stroomwisseling van elektrisiteit, soos deur ‘n wettige elektrisiteitsvoorsieningsowerheid verskaf, op voorwaarde dat

14.1 jy aan die voorskrifte van die plaaslike munisipale bywette en die elektrisiteitsvoorsieningsowerheid ten tye van die verlies voldoen het; en

14.2 jy verantwoordelik is vir die eerste 5% (minimum R750) van elke enkele verlies.

**15. NOODSAAKLIKE VERBOUINGS**

Indien jy regstreeks as gevolg van ‘n ongeval tuis permanent totaal ongeskik raak en, as gevolg van sodanige ongeskiktheid permanent afhanklik raak van ‘n rolstoel ten einde rond te beweeg, maak ons, behalwe enige bedrag betaalbaar, ook ‘n bydrae tot die aankoop van ‘n rolstoel en/of verbouings aan jou privaatwoning om die gebruik van sodanige rolstoel te vergemaklik, op voorwaarde dat ons aanspreeklikheid vir sodanige koste as gevolg van ‘n ongeval of reeks ongevalle voortspruitend uit een oorsaak, nie R50 000 vir enige enkele voorval oorskry nie.

**16. VERWYDER VAN ONTWORTELDE BOME**

Ons sal tot 'n bedrag van R5 000 betaal vir ontwortelde bome veroorsaak deur 'n versekerde gebeurlikheid.

**17. SKADE VEROORSAAK DEUR WILDE BOBBEJANE EN WILDE APE**

Ons sal U vergoed vir verlies of skade aan U woonhuis en buitegeboue veroorsaak deur wilde bobbejane of wilde ape. Die vergoeding is beperk tot 'n maksimum bedrag gelelykstaande aan 2% van die versekerde bedrag van die geboue.

**SPESIALE UITSLUITINGS**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

1. Die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui;
2. verlies of skade veroorsaak deur of wat toegeskryf kan word aan gebrekkige onderhoud, skade wat oor tydoerk gebeur, foutiewe of gebrekkige vakmanskap of konstruksie, foutiewe ontwerp van die woonhuis (soos omskryf), of skade veroorsaak deur ongediertes, insekte of swamme;
3. enige struktuur wat nie volgens die bouregulasies van die tyd opgerig is nie;
4. vernietiging of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit versakking of verskuiwing van grond wat die woonhuis stut, aan
   - 4.1 geboue geleë in areas geïdentifiseer/bekend as dolomitiese gebiede;
   - 4.2 soliede vloerblaaie of enige ander gedeelte van die woonhuis as gevolg van die verskuiwing van sodanige blaaie, tensy die fondasies wat die buitemure van die woonhuis of buitegeboue stut, terselfdertyd deur dieselfde oorsaak beskadig raak; en
   - 4.3 swembaddens, tennisbane, patios, terrasse, opritte, paadjies, riool- of opgaartenks, dreine, watervore, mure, hekke, hekpale en heinings, tensy die woonhuis of buitegeboue terselfdertyd deur dieselfde oorsaak beskadig raak;
5. konstruksiewerk, ten einde verdere vernietiging of skade as gevolg van grondversakking, -verskuiwing of die rys van grond te voorkom, behalwe indien toepaslike ontwerpsvoorsorgmaatreëls tydens die oorspronklike konstruksie van die woonhuis of enige latere aanbouings daaraan, getref is; en
6. die eerste 10% (minimum R5 000) van elke enkele verlies veroorsaak deur grondversakking of –verskuiwing, of die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui, wat ook al groter is.

**KLOUSULES**

**1. BOUBEDRYWIGHEDE**

1.1 Tydens die bou van of strukturele veranderings aan die woonhuis, is jy verantwoordelik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui ten opsigte van elke eis weens verlies, vernietiging, skade of aanspreeklikheid, regstreeks of onregstreeks voortspruitend uit sodanige bouwerk of veranderings.

1.2 Terwyl die woonhuis gebou of strukturele veranderings daaraan aangebring word, word dekking voorsien ten opsigte van 2.3: Storm, wind, water hael, sneeu of oorstroming (terwyl die woonhuis of betrokke gedeelte daarvan nie onderdak is nie); 4: Huurgeld; 11: Openbare Huiseienaarsaanspreeklikheid; en 12: Toevallige skade, maar nie van toepassing op verlies, vernietiging, skade of aanspreeklikheid, regstreeks of onregstreeks voortspruitend uit sodanige boubedrywighede nie.

**2. VERBANDHOUER**

Die belang van die verbandhouer

2.1 is voorgaande tot jou belang;

2.2 is beperk tot die bedrag wat jy op die leningsrekening ten opsigte van die versekerde woonhuis aan die verbandhouer verskuldig is; en

2.3 word nie nietig verklaar deur enige optrede of versuim van jou, indien sodanige optrede of versuim sonder die verbandhouer se medewete plaasvind nie.

**3. HUURDERS**

Hierdie versekering word nie nietig verklaar deur enige optrede of versuim van 'n huurder van jou nie, op voorwaarde dat jy ons in kennis stel sodra jy van sodanige optrede of versuim te wete kom.

RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED

# AFDELING 2

# HUISHOUDELIKE INHOUD

**WOORDOMSKRYWINGS**

Vir die doel van hierdie afdeling beteken

1. **woning** jou eie privaatwoonhuis en huishoudelike buitegeboue (huishoudelike werknemersbehuising, motorhuise en ander geboue wat volledig ommuur en onderdak is), geleë te die risiko-adres, soos in die bylae aangedui; en

2. **versekerde eiendom**

   2.1 huishoudelike goedere en persoonlike besittings (insluitend kontantgeld en omskeppingseffekte, tot hoogstens R3 000);

   2.2 goedere en toerusting wat in ’n klein tuisbedryfkantoor (alle vervaardiging uitgesluit) in die woonhuis gebruik word (waarteen ons jou skadeloos stel tot hoogstens 10% van die versekerde bedrag vir hierdie afdeling),

   wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, asook

   2.3 los en vaste toebehore en bybehore wat deel vorm van die woonhuis en wat aan jou as huurder en nie as eienaar van die gebou nie, behoort.

**DEKKING VOORSIEN**

**1. SKADELOOSSTELLING AAN JOU**

Indien die versekerde eiendom as gevolg van ’n versekerde voorval verlore of beskadig raak, betaal ons daarvoor of herstel of vervang dit na ons keuse. Die betaalbare bedrag is gelyk aan die heersende vervangingskoste.

Indien die koste om die versekerde eiendom soos nuut te vervang ten tye van die verlies of skade die versekerde bedrag oorskry, is jy jou eie versekeraar vir die verskil en moet jy ’n eweredige gedeelte van die verlies of skade dra.

**2. VERSEKERDE VOORVALLE**

Versekerde voorvalle sluit onderstaande in.

2.1 Brand, weerlig, ontploffing;

2.2 opsetlike of kwaadwillige optrede, maar verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit diefstal of poging daartoe uitgesluit;

2.3 storm, wind, water, hael of sneeu, maar verlies van of skade uitgesluit

   2.3.1 aan eiendom in die ope lug, tensy die eiendom ontwerp is om in die ope lug gebruik of bedryf te word, of

   2.3.2 voortspruitend uit enige proses wat waterverbruik noodsaak;

2.4 aardbewing, insluitend aardskudding voortspruitend uit mynboubedrywighede;

2.5 bars, lekkasie of oorloop van waterapparaat of vaste olieverhittingsapparaat (maar skade aan sodanige apparaat of pype uitgesluit);

2.6 skielike en gewelddadige skade aan enige gebou veroorsaak deur botsing;

2.7 diefstal of poging daartoe van binne die gebou(e) van

   2.7.1 jou privaatwoonhuis, of enige

   2.7.2 ander bewoonde privaatwoonhuis;

   2.7.3 gebou wat jy tydelik bewoon;

   2.7.4 huishoudelike buitegeboue, beperk tot R3 000, tensy gepaardgaande met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating;

   2.7.5 gebou waarbinne jy in diens is, maar diefstal van selfone, Ipods, Ipads of ander slimfone, tablet- of skootrekenaars, elekroniese dagboeke en notaboekrekenaars, GPS en/of soortgelyke draagbare elektroniese databergings- of prosesseringstoerusting uitgesluit;

   2.7.6 meubelbewaarplek of bankkluis;

2.7.7 ander gebou, indien gepaardgaande met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating;

2.8 diefstal

2.8.1 van wasgoed, tuin- en swembadtoerusting, meubels of implemente vanaf die perseel van die woonhuis, tot hoogstens R5 000 per enige enkele eis;

2.8.2 terwyl vervoer tydens ’n permanente verandering van die risiko-adres;

2.8.3 terwyl in transito vanaf enige meubelbewaarplek of bankkluis; en

2.8.4 van kontantgeld en omskeppingseffekte, tot hoogstens R3 000, na kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van enige gebou vermeld in 2.7.1 tot 2.7.5 hierbo.

**3. OUDIOVISUELE TOERUSTING EN GLAS**

Indien in of aan jou huishoudelike goedere of deel daarvan,

3.1 enige televisiestel, dekodeerder, satellietskottel of antenna, hoëtroutoerusting, DVD-speler of video-opnemer wat toevallig beskadig raak deur elektriese stroomwisseling (kragstuwing) van elektrisiteit voorsien deur ‘n wettige elektrisiteitsvoorsiener, of

3.2 spieëlglas of ‘n glasblad in of op meubels of ’n toestel wat toevallig beskadig raak,

stel ons jou skadeloos tot hoogstens 15% van hierdie afdeling se versekerde bedrag. Indien die skade toegeskryf kan word aan of veroorsaak word deur kragstuwing, is jy verantwoordelik vir ‘n Eerste Bedrag Betaalbaar, gelyk aan 10% van die eis (minimum R500).

**4. HUISHOUDELIKE WERKNEMERS SE EIENDOM**

Indien huishoudelike goedere en persoonlike besittings (maar kontantgeld en omskeppingseffekte uitgesluit), wat nie andersins verseker is nie en aan jou huishoudelike werknemers behoort, as gevolg van ’n versekerde voorval in die woonhuis verlore of beskadig raak, stel ons hulle skadeloos tot hoogstens R10 000 vir enige enkele eis.

**5. GASTE SE EIENDOM**

Indien huishoudelike goedere en persoonlike besittings (mar kontantgeld en omskeppingseffekte uitgesluit), wat nie andersins verseker is nie en aan gaste wat tydelik by jou tuisgaan of jou besoek, behoort, as gevolg van ’n versekerde voorval, soos omskryf in 2.1 tot 2.6 hierbo, of deur diefstal uit die woonhuis verlore of beskadig raak, stel ons hulle skadeloos tot hoogstens R10 000 vir enige enkele voorval.

**6. YS- EN VRIESKASINHOUD**

In die geval van voedselbederf in enige ys-/vrieskas in die woonhuis as gevolg van

6.1 onklaarraking of toevallige skade aan sodanige ys-/vrieskas(te), of

6.2 toevallige kragonderbreking(s) of beurtkrag ten opsigte van elektrisiteit deur openbare owerhede voorsien/ingestel,

stel ons jou skadeloos tot hoogstens 2% van die versekerde bedrag of R10 000 vir enige enkele eis ten opsigte van voedselverlies, wat ook al die grootste is.

**7. SLEUTELS EN SLOTTE**

Ons stel jou skadeloos skadeloos teen enige koste redeliker- en noodsaaklikerwys aangegaan as regstreekse gevolg van die verlies of beskadiging van enige sleutels (insluitend kaartsleutels, sleutelborde en afstandskontroles) vir die woonhuis, tot hoogstens R5 000 vir enige enkele eis.

**8. DOKUMENTE**

Ons stel jou skadeloos teen verlies van of skade aan jou persoonlike en reisdokumente, veroorsaak deur ’n versekerde voorval, insluitend diefstal buitekant die geboue, tot hoogstens R10 000 vir enige enkele eis. Ons is slegs aanspreeklik vir die waarde van materiaal en die arbeidskoste verbonde aan die herstel van die dokumente of die verkryging van duplikate en nie vir die waarde wat jy aan die inhoud heg nie.

**9. MEDIESE/VEEARTSENYKOSTE**

Indien mediese en veeartsenykoste aangegaan word as gevolg van toevallige liggaamlike besering opgedoen deur enige

9.1 persoon behalwe jyself, veroorsaak deur 'n huisdier wat aan jou behoort;

9.2 gas of besoeker, voortspruitend uit enige defek in die woonhuis;

9.3 huishoudelike werknemers in die loop en omvang van hulle diens by jou;

9.4 huisdier wat aan jou behoort, voortspruitend uit 'n ongeval,

betaal ons uitgawes tot hoogstens R5 000 per persoon of dier.

**10. TOEVALLIGE DOOD**

Indien jy in die woonhuis of op die perseel daarvan toevallig 'n liggaamlike besering opdoen en as regstreekse gevolg daarvan sterf, betaal ons R15 000 per persoon, op voorwaarde dat die dood binne 6 (ses) opeenvolgende maande na sodanige besering intree.

**11. HUURGELD**

Indien die privaatwoning as gevolg van verlies of skade veroorsaak deur 'n versekerde voorval onbewoonbaar raak, betaal ons jou vir die tydperk benodig vir herstelwerk

11.1 huurgeld waarvoor jy aanspreeklik is, indien jy 'n huurder is; en

11.2 indien jy 'n huurder of die eienaar van die woonhuis is, enige redelike bykomende koste aangegaan ten einde alternatiewe verblyf vir jou, jou gesin en huishoudelike werknemers wat normaalweg by jou inwoon, te voorsien,

tot hoogstens 25% van die versekerde bedrag vir huishoudelike inhoud.

**12. BRANDBESTRYDINGSKOSTE**

Ons stel jou skadeloos teen brandbestrydingskoste na brandskade aan die woonhuis of ter voorkoming van brandskade aan die woonhuis en huishoudelike inhoud.

**13. GRONDVERSAKKING EN -VERSKUIWING**

Hierdie versekering word uitgebrei om vernietiging van of skade aan huishoudelike goedere en persoonlike besittings in te sluit, wat terwyl in die woonhuis, deur grondversakking wat die woonhuis stut, veroorsaak word, op voorwaarde dat sodanige vernietiging of skade nie veroorsaak word deur of voortspruit uit

13.1 uitgrawings, behalwe mynuitgrawings;

13.2 verbouings, aanbouings of herstelwerk aan die woonhuis;

13.3 die verdigting van vulstof;

13.4 foutiewe ontwerp, materiaal of vakmanskap;

13.5 normale versakking, inkrimping of uitsetting van die grond wat die woonhuis stut of die woonhuis self nie.

**14. SEKURITEITSWAG(TE)**

Ons stel jou skadeloos teen koste redelikerwys aangegaan vir die aanstel van 'n sekuriteitwag na 'n versekerde voorval, tot hoogstens R10 000.

**15. WATERVERLIES WEENS LEKKASIE**

Ons stel jou skadeloos teen die koste van waterverlies weens lekkasie uit pype op jou eiendom, indien jy verantwoordelik is vir die koste van sodanige water, onderworpe aan onderstaande.

15.1 Indien die kwartaallikse lesing van waterverbruik die gemiddelde van die voorafgaande vier kwartaallikse lesings met 50% of meer

oorskry, stel ons jou skadeloos teen die koste van sodanige bykomende waterverbruik, tot hoogstens R10 000.

15.2 Jy is verantwoordelik vir die Eerste Bedrag betaalbaar, soos in die bylae aangedui.

15.3 Na berekening van alle bedrae wat volgens 15.1 en 15.2 hierbo deur jou betaalbaar is, betaal ons hoogstens R10 000 (bepaal na berekening van die betaalbare bedrae) vir slegs een afsonderlike voorval tydens 'n tydperk van 12 (twaalf) opeenvolgende maande.

15.4 Dit is 'n opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid volgens hierdie uitbreiding dat jy by die ontdekking van 'n lekkasie (deur werklike bewys of by ontvangs van 'n abnormaal hoë waterrekening) onmiddellik stappe sal neem om die pyp(e) wat geraak word, te herstel.

15.5 Hierdie uitbreiding dek nie die koste dek van remediërende stappe of herstelwerk aan die pyp(e) wat geraak word nie.

15.6 Ons nie aanspreeklik is vir eise

15.6.1 as gevolg van lekkende krane, geisers, toiletstelsels en swembaddens,

15.6.2 terwyl die eiendom vir langer as 30 (dertig) dae onbewoon is, of

15.6.3 indien die watervlak van 'n swembad aangevul moet word as gevolg van verdamping of 'n lekkende in- of uitlaatpyp nie.

**16. TRANSITO**

Ons stel jou skadeloos teen verlies van of skade aan huishoudelike goedere in jou bewaring, jou eie of die waarvoor jy verantwoordelik is, terwyl in transito van of na 'n plek waar dit gekoop, herstel, opgeknap of uitgeleen word, of na 'n permanente adresverandering, tot hoogstens R50 000, op voorwaarde dat die verlies of skade die gevolg is van botsing of omslaan van die voertuig waarmee dit vervoer word of diefstal wat met geweld of geweldsdreigemente gepaard gaan.

**17. TUINSKADE**

Ons stel jou skadeloos teen koste wat jy redeliker- en noodsaaklikerwys in jou hoedanigheid as eienaar van die privaatwoning aangaan vir die vervanging van bome, struike, grasperke, plante en vaste sprinkelbesproeiingstelsels geleë op die perseel van die woonhuis, as gevolg van brand, brandbestrydings- of ander nooddiensbedrywighede, ontploffing, botsing met voertuie, vliegtuie of ander lugvaartuie, opsetlike en kwaadwillige optrede, tot hoogstens R10 000, maar diefstal of poging daartoe uitgesluit.

**18. VERWYDERING NA 'N VEILIGE PLEK**

Indien 'n eis volgens par 11: Huurgeld aanvaar word, betaal ons die redelike koste noodsaaklikerwys aangegaan ten einde jou huishoudelike inhoud en persoonlike besittings vanaf die risiko-adres na 'n bewaarplek of ander veilige plek te verwyder, asook die stoorgeld vir die tydperk benodig om jou woonhuis tot 'n bewoonbare toestand te herstel, tot hoogstens R5 000.

**SPESIALE UITSLUITINGS**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

1. Die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui;
2. verlies of skade nadat die woning vir meer as 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon was;
3. die vrywillige bybetaling, soos in die bylae aangedui;
4. verlies of skade veroorsaak, opgedoen of gely buite die gebiedsgrense van die Republiek van Suid-Afrika, Mosambiek, Lesotho, Botswana, Swaziland, Namibië, Malawi, Zambië en Zimbabwe;
5. diefstal uit die woonhuis terwyl dit uitgeleen, verhuur of onderverhuur word, tensy gepaardgaande met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating;
6. verlies van of skade aan of besering van diere (behalwe veeartsenykoste na 'n ongeval);
7. meer as een goue munt, seël- en muntversamelings, motorvoertuie, woon- en sleepwaens, insluitend vaste toebehore daarvan, lug- of watervaartuie (nie 'n branderplank of roeiski nie) en die toerusting daarvan;

8. enige bedrag van groter as een derde van die versekerde bedrag vir huishoudelike goedere vir die totale waarde van edelmetale en –stene, juweliersware, horlosies, pelse, matte en tapyte;

9. enige edelmetale en/of –stene, juweliersware, horlosies, pelse, matte en/of tapyte, skilderye, kunswerke, fyn kunsartikels/items of stelle ter waarde van meer as R50 000, tensy in die bylae gespesifiseer en gepaardgaande met 'n waardasiesertifikaat van nie ouer as 5 (vyf) jaar nie; en

10. verlies van of skade aan eiendom wat meer spesifiek verseker is.

**SPESIALE UITBREIDINGS (indien as ingesluit in die bylae aangedui)**

**1. TOEVALLIGE SKADE (Insluitend kragstuwing)**

Ons stel jou na ons keuse skadeloos teen toevallige skade aan huishoudelike goedere in die woonhuis deur daarvoor te betaal, dit te herstel of te vervang.

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

1.1 Die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui;

1.2 meer as R20 000 of 10% van die versekerde bedrag, wat ook al groter is vir enige enkele eis;

1.3 verlies, vernietiging of skade

1.3.1 veroorsaak deur of weens slytasie, elektriese en/of meganiese onklaarraking, waardevermindering, roes, skimmel, motte, ongediertes, insekte, jou eie huisdiere of enige geleidelike agteruitgang, kleurings-, skoonmaak- of opknappingsproses, die uitwerking van lig of atmosferiese toestande, konfiskasie of aanhouding deur enige regsproses of gebrek aan redelike onderhoud;

1.3.2 aan meubels of huishoudelike toestelle deur krapmerke, duike of versplintering;

1.3.3 aan musiekinstrumente deur krapmerke, kneusing, brekasie van snare of mondstukke en splitsing van trommelvelle;

1.3.4 aan vuurwapens, video- of oudiobande;

1.3.5 deur meganiese apparaat en horlosies te styf op te wen; en

1.4 gevolglike verlies van enige aard.

**2. TOEPASLIKE WAARBORGE**

Onderstaande diefalarmwaarborg is van toepassing,

indien diefstaldekking voorwaardelik is tot die installering van 'n alarm met gewapende reaksie, of indien afslag vir die installering van sodanige alarm verkry is en in hierdie afeling (Huishoudelike Inhoud) se polisbylae aangedui word dat die diefalarmwaarborg van toepassing is.

Dit is 'n opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid dat 'n diefalarm in die woonhuis geïnstalleer word, ten einde die woonhuis te dek (soos omskryf) en gewaarborg word dat

(a) die geïnstalleerde diefalarm ten volle geaktiveer is indien die woonhuis onbewoon is. (Vir die doel van hierdie waarborg word die woonhuis nie beskou as sou dit bewoon word, indien 'n huishoudelike werknemer wat op die perseel teenwoordig is, sonder jou volmag om die alarmstelsel te aktiveer of te de-aktiveer, die gedeelte van die perseel wat deur sodanige alarmstelsel beskerm word, betree en verlaat nie);

(b) verlies van of skade aan die eiendom na gebruik van sleutels, die sleutelbordkode en afstandskontrole van die diefalarm of 'n duplikaat daarvan wat aan jou behoort, gedek word, tensy sodanige sleutels, sleutelbordkode of afstandskontrole deur geweld of geweldsdreigemente teenoor die wettige houer daarvan (jyself), bekom is;

(c) die diefalarm in 'n behoorlik werkende toestand in stand gehou word. Jou aanspreeklikheid word egter beskou as kwytgeskeld, indien jy jou verpligtinge volgens 'n instandhoudingskontrak met die installeringsmaatskappy/diensverskaffer van die alarmstelsel nagekom het; en

RENASA INSURANCE COMPANY LIMITED

(d) ‘n geldige kontrak met die alarmdiensverskaffer van krag is, insluitend reaksie van ‘n reaksie-eenheid.

Indien die geïnstalleerde alarm ‘n goedgekeurde, gesertifiseerde diefalarm is, is ons daarop geregtig om volle inligting oor die toepaslike aktiverings- of de-aktiveringsrekord in die geval van ‘n eis aan te vra.

**OF**

Indien die geïnstalleerde alarm nie ‘n goedgekeurde, gesertifiseerde diefalarm is nie, moet

(a) sodanige alarm ‘n tweeledige moniteringsalarm wees. (Vir die doel van hierdie vereiste, beteken ”tweeledige monitering” dat as die alarm afgaan, ‘n sein op twee verskillende maniere na die beheerkamer van die maatskappy wat die alarm monitor, gestuur word);

(b) sodanige alarmkontrak die dienste van ‘n gewapende reaksie-eenheid insluit; en

(c) die kontrolepaneel in die geval van ‘n eis ‘n gebeurlikheidsrekord van die aktivering en de-aktivering van die alarm toon. Ons is daarop geregtig om volle inligting van die toepaslike rekord(s) aan te vra.

Indien jy nie die voorwaardes van die waarborg nakom nie, kan ons na goeddunke jou eis aanvaar en jy is dan verantwoordelik vir die eerste 30% van die verlies, op voorwaarde dat, indien die installering van die alarm ‘n opskortende voorwaarde van ons voorsiening van diefstaldekking is, jy geen diefstaldekking sal geniet nie.

**BEPERKTE DEKKINGSOPSIE (indien as van toepassing in die bylae aangedui)**

**1. BEPERKTE DEKKING**

Ons stel jou skadeloos, soos in hierdie afdeling (Huishoudelike Inhoud) aangedui, onderworpe aan onderstaande wysigings.

Versekerde Voorvalle word geskrap en vervang deur onderstaande.

**2. VERSEKERDE VOORVALLE**

Versekerde voorvalle sluit onderstaande in.

2.1 Brand, weerlig, ontploffing;

2.2 opsetlike of kwaadwillige optrede, maar verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit diefstal of poging daartoe, uitgesluit;

2.3 storm, wind, water, hael of sneeu, maar verlies of skade uitgesluit

2.3.1 aan eiendom in die ope lug, of

2.3.2 voortspruitend uit enige proses wat waterverbruik noodsaak;

2.4 aardbewing, insluitend aardskuddings voortspruitend uit mynboubedrywighede;

2.5 bars, lekkasie of oorloop van waterapparaat of vaste olieverhittingsapparaat;

2.6 skielike en gewelddadige skade aan enige gebou deur botsing; en

2.7 diefstal of poging daartoe wat met kragdadige of gewelddadige betreding (met opsigtelike uitwendige aanduidings) tot binne-in die woonhuis gepaard gaan, maar diefstal of poging daartoe tydens enige tydperk van meer as 60 (sestig) opeenvolgende dae wat die woonhuis onbewoon is, uitgesluit.

**Onderstaande word geskrap uit hierdie afdeling, Afdeling 2: Huishoudelike Inhoud**

3. OUDIOVISUELE TOERUSTING EN GLAS

5. GASTE SE EIENDOM

6. YS- EN VRIESKASINHOUD

7. SLEUTELS EN SLOTTE

8. DOKUMENTE

9. MEDIESE EN VEEARTSENYKOSTE
10. TOEVALLIGE DOOD
13. GRONDVERSAKKING EN -VERSKUIWING
15. WATERVERLIES WEENS LEKKASIE
16. TRANSITO
17. TUINSKADE

RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED

# AFDELING 3

# PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID

**DEKKING VOORSIEN**

**1. ONS SKADELOOSSTELLING AAN JOU**

Indien jy regsaanspreeklik raak om vergoeding aan derde partye te betaal vir dood, liggaamlike besering of siekte of verlies van of skade aan hulle eiendom gedurende die versekeringstydperk, stel ons jou tot hoogstens R3 000 000 skadeloos teen enige enkele ongeval of reeks ongevalle wat uit een voorval voortspruit, insluitend koste en uitgawes

1.1 deur enige eiser van jou verhaalbaar, of

1.2 met ons skriftelike toestemming aangegaan.

**2. HUURDERS**

Indien jy as huurder en nie as eienaar nie, regsaanspreeklik raak vir skade aan

2.1 die gebou van ’n woonhuis en buitegeboue (insluitend los en vaste toebehore), veroorsaak deur ’n versekerde voorval, soos in Afdeling 2: Huihoudelike Inhoud gespesifiseer;

2.2 vaste glas of badkamertoerusting, of

2.3 water-, gas-, riool-, elektrisiteits- of telefoonverbindings na die woonhuis of buitegeboue,

stel ons jou skadeloos volgens par 1: Ons skadeloosstelling aan jou.

**3. KONTANT- EN KREDIETKAARTE**

Ons stel jou skadeloos tot hoogstens R5 000 vir kontantkaarte, R5 000 vir kredietkaarte en R1 000 vir kaarte vir voorafbetaalde dienste tydens enige 12 (twaalf) opeenvolgende maande tydperk, teen aanspreeklikheid of verlies of diefstal en die gevolglike bedrieglike gebruik van jou kaarte deur enige persoon wat nie ’n gesinslid of lid van jou huishouding is nie. Ons stel jou nie skadeloos indien jy nie die verlies van die kaart so gou moontlik aan die uitreikingsinstansie gerapporteer het of aan al die kaartuitreikingsvoorwaardes voldoen het nie.

**4. KOLHOU OF VOLHUIS**

Indien jy as amateurspeler ’n kolhou volgens die reëls in gholf by enige erkende gholfklub of ’n volhuis in ’n rolbalspel tydens ’n amateurtoernooi by enige erkende rolbalklub behaal, betaal ons jou R3 000 by skriftelike bevestiging deur die sekretaris(esse) van die klub.

**5. SEKURITEITSMAATSKAPPYE**

Ten opsigte van ’n maatskappy wat sekuriteits- of gewapende reaksiedienste lewer by die eiendom wat volgens Afdeling 1: Huiseienaars (Geboue) en Afdeling 2: Huishoudelike inhoud verseker is en met wie jy ’n skriftelike kontrak aangegaan het, word Spesiale Uitsluiting 4 geskrap en is dit nie van toepassing op enige aanspreeklikheid wat jy aanvaar het volgens die skriftelike kontrak met sodanige maatskappy aangegaan nie.

**6. ONREGMATIGE INHEGTENISNEMING EN LASTER**

Indien jy regsaanspreeklik raak om skadevergoeding voortspruitend uit die onregmatige inhegtenisneming of deursoeking van enige persoon (insluitend aanranding in verband daarmee), of belastering van enige persoon, te betaal, stel ons jou tot hoogstens R10 000 skadeloos teen enige enkele eis of reeks eise voortspruitend uit een voorval.

**SPESIALE UITSLUITINGS**

Ons stel jou nie skadeloos teen onderstaande nie.

1. Vergoeding betaalbaar aan

1.1 jou of enige gesinslid wat gewoonlik by jou inwoon;

1.2 enige persoon in die loop van sy/haar diens by jou ten tye van die ongeval, behalwe huishoudelike werknemers, of

1.3 jou direkteure, lede, trustees of begunstigdes of hulle gesinslede wat gewoonlik by hulle inwoon. indien jy 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is.

2. Vergoeding betaalbaar vir verlies of vernietiging van of beskadiging van eiendom onder toesig of beheer van

2.1 jou of enige gesinslid wat gewoonlik by jou inwoon;

2.2 enige persoon in die loop van sy/haar diens by jou ten tye van die ongeval, of

2.3 jou direkteure, lede, trustees of begunstigdes of hulle gesinslede wat gewoonlik by hulle inwoon. indien jy 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is.

3. Vergoeding wat regstreeks of onregstreeks weens onderstaande betaalbaar is.

3.1 Jou werk, besigheid of beroep;

3.2 die besit van grond of geboue (behalwe geboue wat volgens Afdeling 1: Huiseienaars (Geboue) verseker is en die perseel waarop dit geleë is, op voorwaarde dat die grond vir residensiële doeleindes gebruik word);

3.3 die bewoning van grond of geboue, behalwe jou woonhuis of enige ander woonhuis waar jy as gas tuisgaan, of

3.4 die gebruik van enige motorvoertuig, woon- of sleepwa (behalwe afgehaakte sleepwaens), lug- of watervaartuig (behalwe modelvliegtuie, branderplanke of roeiski's) wat besit word deur of onder die toesig of beheer van jou of jou huishoudelike werknemers is.

4. Aanspreeklikheid wat per ooreenkoms aanvaar is en wat in die afwesigheid van sodanige ooreenkoms nie van toepassing sou wees nie.

RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED

## AFDELING 4
## PERSOONLIKE ONGEVALLE

**WOORDOMSKRYWINGS**

Vir die doel van hierdie afdeling beteken **jy/jou** die persoon in wie se naam hierdie polis uitgereik is, asook

1. die wettige of gemeenregtelike gade of lewensmaat van die persoon wat in hierdie polis benoem word, en
2. die natuurlike of aangenome kind of kinders van die persoon wat in die bylae benoem word en geldelik afhanklik is van en gewoonlik by die persoon in wie se naam die polis uitgereik is, inwoon.

**DEKKING VOORSIEN**

**1. BETALING VAN VERGOEDING (Afsonderlik op elke persoon van toepassing)**

Ons betaal vergoeding indien jy

1.1 op gewelddadige, uitwendige en opsigtelike wyse regstreeks as gevolg van 'n ongeval liggaamlike besering opdoen;

1.2 regstreeks of onregstreeks as gevolg van teëspoed liggaamlike besering opdoen, insluitend besering weens uithongering, dors en/of blootstelling;

1.3 verdwyn onder omstandighede wat ons oortuig dat jy liggaamlike besering opgedoen het, soos volgens hierdie afdeling van toepassing en dat sodanige besering jou dood tot gevolg gehad het. Ons aanvaar dan dat jy dood is, op voorwaarde dat indien, nadat ons hiervolgens 'n betaling ten opsigte van jou veronderstelde dood gemaak het, bevind word dat jy lewe, sodanige betaling aan ons terugbetaal word;

1.4 die slagoffer van gewelddadige diefstal, menseroof, kaping, verkragting of ander onregmatige aanranding is wat sielkundige behandeling noodsaak, tot hoogstens 10% van die versekerde bedrag.

**Repatriasiekoste**: Ons betaal die versekerde bedrag ten opsigte van dood en redelike en noodsaaklike uitgawes vir die repatriasie van jou stoflike oorskot na jou gewone woonplek, tot hoogstens R5 000.

**2. VERGOEDING**

2.1 Indien die besering binne 12 (twaalf) maande na die datum van die ongeval **die dood** veroorsaak, betaal ons vir elke beseerde persoon die versekerde bedrag, soos in die bylae aangedui.

2.2 Indien die besering 12 (twaalf) maande na die datum van die ongeval **permanente ongeskiktheid** veroorsaak, betaal ons vir elke beseerde persoon 'n persentasie van die versekerde bedrag, soos in die bylae aangedui, volgens onderstaande vergoedingstabel, op voorwaarde dat

2.2.1 indien die besering ongespesifiseer is, ons 'n persentasie toepas wat nie strydig met onderstaande vergoedingstabel is nie;

2.2.2 vergoeding vir permanente ongeskiktheid betaal, afgetrek word van vergoeding vir dood voortspruitend uit dieselfde ongeval; en

2.2.3 totale vergoeding nie die versekerde bedrag, soos in die bylae aangedui, oorskry nie.

**VERGOEDINGSTABEL**

| ***Beskrywing van besering*** | ***Persentasie van die versekerde bedrag*** |
|---|---|
| *Verlies deur skeiding by of bokant die gewrig of enkel van een of meer ledemate (permanente algehele verlies van 'n ledemaat word beskou as verlies deur skeiding) of die onherroeplike verlies van sig in een of albei oë* | *100%* |
| ***Verlies van**:* | |
| *spraak* | *75%* |
| *vier hele vingers aan een hand* | *75%* |
| *hele duim* | *25%* |
| *hele wysvinger* | *15%* |
| *enige ander hele vinger* | *6%* |
| *alle tone aan een voet* | *32%* |
| *hele groottoon* | *4%* |
| *enige ander hele toon* | *3%* |
| *gehoor – albei ore* | *80%* |
| *gehoor – een oor* | *20%* |

RENASA INSURANCE COMPANY LIMITED

**UITBREIDINGS**

**1. LEWENSONDERSTEUNINGSTOERUSTING**

Ongeag enigiets wat in die omskrewe voorvalle vervat word, sluit die 12 (twaalf) maande daarin vermeld enige tydperk(e) uit, indien die dood van sodanige persoon vir tydperke van nie minder as 3 (drie) opeenvolgende dae nie, uitgestel word, uitsluitlik deur die gebruik van lewensondersteunende toerusting of apparaat.

**2. ONTVALLINGSUITGAWES**

Benewens die vergoedingsperk vir dood, betaal ons jou namens sodanige persoon se nabye familie hoogstens R5 000 ten opsigte van ontvallingsuitgawes. Indien sodanige persoon geen nabye familie het nie, is ons nie verplig om enige betaling volgens hierdie uitbreiding te maak nie.

**3. BEWEEGLIKHEID**

Indien ons sodanige persoon ten opsigte van permanente algehele ongeskiktheid vergoed en hy/sy regstreeks as gevolg van sodanige ongeskiktheid permanent van ’n rolstoel afhanklik raak ten einde rond te beweeg, maak ons, behalwe enige bedrag vir permanente ongeskiktheid betaalbaar, ook ‘n bydrae tot die aankoop van ’n rolstoel en/of verbouings aan sy/haar privaatwoning om die gebruik van sodanige rolstoel te vergemaklik, op voorwaarde dat ons aanspreeklikheid vir sodanige koste voortspruitend uit ’n ongeval of reeks ongevalle as gevolg van een oorsaak hoogstens R10 000 per enige enkele persoon beloop.

**UITSLUITINGS**

Ons is volgens geen versekerde voorval of uitbreiding aanspreeklik vir liggaamlike besering, dood, permanente ongeskiktheid of verdwyning as gevolg van of opgedoen tydens deelname aan onderstaande nie.

**1. SPORT**

1.1 Bergklim wat die gebruik van toue verg;

1.2 grootwildjag;

1.3 professionele sport, polo te perd, hinderniswedlope, valskermspring, sneeu- of yssport, yshokkie, skermsweef of hangsweef, of

1.4 spoed- of uithoutoetse of wedrenne (behalwe te voet, per fiets of met ‘n seiljag).

**2. MOTORFIETSRY**

Motorfiets-, vierwielmotorfiets- of driewielmotorfietsritte.

**3. LUGREIS**

Tydens ’n lugreis in ‘n lugvaartuig

3.1 wat nie gelisensieer is vir die vervoer van passasiers nie;

3.2 wat deur ’n persoon geloods word wat nie vir die doel waarvoor dit gebruik word, gelisensieer is nie, of

3.3 as lid of waarnemende lid van die bemanning of vir handels- of tegniese bedrywighede wat met die lugvaartuig geassosieer word.

**REIS IN OORLOGSONES**

Insluitend toevallige reisbewegings, maar verslaggewings-, kamera- en/of filmspanbedrywighede uitgesluit.

**4. JOU TOESTAND OF OPTREDE**

As gevolg van ’n ongeval veroorsaak deur of toe te skryf aan

4.1 jou deelname aan enige opstand, burgerlike oproer, arbeidsonrus, staking of uitsluiting of openbare wanorde of enige berekende optrede of aktiwiteit wat daarop gerig is om enige van bogenoemde teweeg te bring;

4.2 jou opsetlike wangedrag, doelbewuste selfbesering of selfmoord;

4.3 enige ernstige fisieke of geestesongesteldheid of siekte waaraan jy voor die ongeval gely het;

4.4 die invloed van bedwelmende drank of dwelmmiddels op jou, tensy deur ’n ander mediese praktisyn as jyself voorgeskryf en volgens mediese advies geneem;

4.5 die uitvoer van of poging om enige van onderstaande uit te voer.

4.5.1 enige berekende optrede, ongeag of dit namens enige organisasie, liggaam of groep persone is, wat daarop gerig is om enige staat of regering, of provinsiale, plaaslike of stamowerheid deur vrees, terreur of geweld omver te werp of te

beïnvloed, of

4.5.2 enige berekende optrede wat daarop gerig is om vernietiging of skade of liggaamlike besering teweeg te bring, ten einde enige politieke mikpunt, doelwit of saak te bevorder of om enige maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid of met die doel om vrees by die publiek of enige sektor daarvan te laat posvat.

5. JOU BEROEP OF BEDRYWIGHEDE

As gevolg van ’n ongeval veroorsaak deur of toe te skryf aan werksaamhede

5.1 in ‘n myn (ondergrondse en/of oopgroef mynbedrywighede ingesluit)

5.2 ondergronds (in tonnels)

5.3 op ‘n aan- of aflandige boortoring, -platform of –eiland

5.4 as professionele duiker

5.5 as bemanningslid op ‘n skip/vaartuig

5.6 met plofstowwe.

**6. OUDERDOMSPERK**

Jou 75ste verjaardag.

**7. OPROER**

Algemene Uitsluitings 13.3.1, 13.3.4, 13.3.5 en 13.3.7 van Algemene Bepalings en Voorwaardes is nie op hierdie afdeling van toepassing nie.

# AFDELING 5
# ALLE RISIKO

**WOORDOMSKRYWINGS**

Vir die doel van hierdie afdeling beteklen

1. **versekerde eiendom**
   - **1.1 Algemeen**:
     - 1.1.1 klerasie;
     - 1.1.2 persoonlike besittings wat gewoonlik deur 'n persoon gedra of vir daardie doel ontwerp is, of
     - 1.1.3 persoonlike toerusting wat gewoonlik gedra of gebruik word deur 'n persoon wat aan sport deelneem.
   - **1.2 Gespesifiseerde eiendom**, soos omskryf in die gespesifiseerde artikels bylae.
2. Gebiedsgrense geld wêreldwyd.

**DEKKING VOORSIEN**

**1. ONS SKADELOOSSTELLING AAN JOU**

**1.1 Algemeen:**

Indien algemeen versekerde eiendom toevallig verlore of beskadig raak, betaal ons na ons keuse of herstel of vervang dit. Die bedrag aan jou betaalbaar is gelyk aan die heersende vervangingskoste.

**1.2 Gespesifiseer:**

Indien gespesifiseerde versekerde eiendom toevallig verlore of beskadig raak, betaal ons daarvoor na ons keuse of herstel of vervang dit.

**2. VERSAMELINGS (Indien as gedek in die polisbylae aangedui)**

**2.1 Seëlversamelings:**

Indien 'n seëlversameling in die gespesifiseerde artikels bylae omskryf word,

- 2.1.1 is ons slegs aanspreeklik, indien een of meer volledige bladsye van die versameling verlore of beskadig raak; en
- 2.1.2 beloop ons aanspreeklikheid vir enige een seël hoogstens twee derdes van die totale waarde wat in enige huidig erkende katalogus vermeld word, tot R3 000 enige een seël.

**2.2 Muntversamelings:**

Indien 'n muntversameling in die gespesifiseerde artikels bylae omskryf word, is ons nie vir onderstaande aanspreeklik nie.

- 2.2.1 munte in omloop; en
- 2.2.2 meer as twee derdes van een munt se waarde wat in enige huidig erkende katalogus aangedui word, tot hoogstens R3 000 vir enige enkele munt.

**3. WOONWA-INHOUD**

Indien die woonwa-inhoud ingesluit is by die gespesifiseerde artikels bylae, is onderstaande op sodanige inhoud van toepassing.

**3.1 Woordomskrywing**

**Versekerde eiendom** beteken huishoudelike goedere (maar rekenaars, klerasie, persoonlike besittings en sporttoerusting uitgesluit), wat jou eiendom of verantwoordelikheid is, terwyl in die karavaan of sytent daarvan.

**3.2 Skadeloosstelling aan jou**

Indien die versekerde eiendom toevallig verlore of beskadig raak, betaal ons daarvoor na ons keuse of herstel of vervang dit. Die betaalbare bedrag is gelyk aan die heersende vervangingskoste.

Indien die koste om die versekerde eiendom soos nuut te vervang ten tye van verlies of skade die versekerde bedrag oorskry, is jy jou eie versekeraar vir die verskil en moet jy 'n eweredige deel van die verlies of skade dra.

**3.3 Uitsluitings**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

- 3.3.1 Diefstal van die versekerde eiendom terwyl die woonwa of sytent daarvan onbewoon is, tensy gepaardgaande met kragdadige en gewelddadige betreding;
- 3.3.2 die permanente vaste toebehore van die woonwa; en
- 3.3.3 verlies of skade veroorsaak weens bedrog of oneerlikheid van enige persoon aan wie die woonwa uitgeleen of verhuur word.

**SPESIALE UITSLUITINGS**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

1. Ten opsigte van eiendom, soos in 1.1: Algemeen omskryf:
   - 1.1 Die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui;
   - 1.2 meer as 25% van die versekerde bedrag (volgens 1.1: Algemeen) vir enige enkele artikel;
   - 1.3 kontaklense, trapfietse, selfone, seël- en muntversamelings, kontantgeld, dokumente, skoot- en notaboekrekenaars, elektroniese dagboeke en tablette, iPods/iPads en ander slimfone, GPS, MP3-spelers en kompakskywe, asook ander elektroniese databergings- of verwerkingstoerusting, tensy in die bylae gespesifiseer;
   - 1.4 motorvoertuie, sleep- en woonwaens, sweeftuie, lug- en watertuie, behalwe branderplanke en roeiski's;
   - 1.5 eiendom wat meer spesifiek verseker is;
   - 1.6. sporttoerusting terwyl aan sport deelgeneem word;
2. eiendom (behalwe geïnstalleerde motorradio's, indien in die bylae gespesifiseer) wat uit 'n onbewaakte voertuig verlore raak, tensy
   - 2.1 die versekerde eiendom verberg was in 'n toegesluite bagasiebak of kompartement wat deel van die toegesluite voertuig vorm en met kragdadige en gewelddadige toegang tot binne in die voertuig gepaard gegaan het, of
   - 2.2 gepaardgaande met kragdadige en gewelddadige betreding van die gebou waar die voertuig gestoor word;
3. slytasie of waardevermindering;
4. elektriese of meganiese onklaarraking, nie gepaardgaande met versekerde skade nie;
5. die waarde van enige artikel as deel van 'n stel;
6. die koste om klank, data en beeldmateriaal op bande, plate, film of magnetiese media te reproduseer;
7. verlies of skade veroorsaak
   - 7.1 deur ongediertes, motte of geleidelike agteruitgang;
   - 7.2 gedurende enige skoonmaak-, kleurings- of opknappingsproses, of
   - 7.3 deur konfiskasie of aanhouding weens enige regsproses
8. gevolglike verlies van enige aard;
9. die koste om oë te laat hertoets en 'n bril te vervang.

RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED

# AFDELING 6
# MOTORVOERTUIE

**WOORDOMSKRYWINGS**

Vir die doel van hierdie afdeling beteken **motorvoertuig**

1. ’n motor;
2. ’n afleweringsvoertuig met ’n bruto voertuigmassa van hoogstens 3 500kg, soos in die bylae aangedui en wat deur jou besit, gehuur of gebruikhuur of aan jou uitgeleen word, of
3. enige voertuig (en die onderdele en toebehore daarvan) wat gehuur, gebruikhuur of tydelik deur jou gebruik word om jou eie versekerde voertuig te vervang, terwyl dit versien of herstel word deur ’n lid van die motorbedryf, op voorwaarde dat ons maksimum aanspreeklikheid nie die skadeloosstellingsperk van jou vervangde voertuig (soos in die bylae aangedui) oorskry nie en die gebruiksbeskrywing dieselfde as dié van die vervangde voertuig is.

**ONDERAFDELING A: DEKKING VOORSIEN VIR VERSEKERDE VOERTUIE**

**1. ONS SKADELOOSSTELLING AAN JOU**

Verlies van of skade aan die voertuig:

1.1 Indien die voertuig of enige deel daarvan verlore of beskadig raak, stel ons jou skadeloos deur na ons keuse daarvoor te betaal of dit te laat herstel deur ‘n goedgekeurde hersteller, of dit te vervang, of die bedrag van die verlies, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar. Indien die voertuig onderworpe is aan ’n afbetalingsverkoops- of bruikhuurooreenkoms, word enige gelde volgens sodanige ooreenkoms aan jou verskuldig, gebruik vir delging van skuld. Die eienaar(s) na wie in die ooreenkoms verwys word, se kwitansie dien as volle kwytskelding van ons terugbetaling.

Die maksimum bedrag deur ons betaalbaar, is soos volg:

1.2 Indien die voertuig binne 12 (twaalf) opeenvolgende maande na die eerste registrasie

1.2.1 gesteel of gekaap en nie opgespoor en aan ons terugbesorg word nie, of

1.2.2 beskadig raak en die beraamde herstelkoste die heersende nuwe kleinhandelsprys, insluitend belasting op toegevoegde waarde (BTW), met 70% oorskry,

die heersende koopprys van ’n nuwe voertuig van dieselfde of soortgelyke model, of die skadeloosstellingsperk, soos in die bylae aangedui, wat ook al die minste is, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar.

1.3 Indien die voertuig meer as 12 (twaalf) opeenvolgende maande na die eerste registrasie verlore of beskadig raak, die skadeloosstellingsperk (soos in die bylae aangedui) of die redelike kleinhandelswaarde van die voertuig ten tye van die verlies of skade, wat ook al die minste is, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar.

In die geval van jou skadeloosstelling volgens 1.2 of 1.3 hierbo, word geen premieterugbetaling ten opsigte van die onverstreke versekeringstydperk gemaak nie.

**2. BESKERMING EN HERSTELKOSTE**

Indien versekerde verlies of skade plaasvind,

2.1 betaal ons die redelike koste van opberging, beskerming, insleep en verwydering van die voertuig na die naaste herstelplek of plek van veiligheid, terwyl gewag word op die voltooiing van die herstelwerk, tot hoogstens R1 750. (Indien Renasa Bystand gebruik word, geld hierdie perk nie).

2.2 Jy kan sonder ons toestemming herstelwerk aan die voertuig aanvra, tot hoogstens R5 000, op voorwaarde dat ’n gespesifiseerde kwotasie so gou moontlik na voltooiing van die herstelwerk aan ons verskaf word.

**3. AFLEWERING NA HERSTELWERK**

Na voltooiing van herstelwerk betaal ons die redelike koste om die voertuig by jou adres in die Republiek van Suid-Afrika af te lewer.

**4. MEDIESE UITGAWES**

Indien enige insittende(s) van die voertuig direk as gevolg van ’n ongeval beseer word, betaal ons die mediese onkoste in verband met sodanige besering, tot hoogstens R5 000 vir elke beseerde insittende.

**5. RUITGLAS**

Ons betaal vir skade aan die voertuig se ruitglas, sonder aanpassing van die eisvrye bonus, maar jy betaal vir elke eis die bybetalingsbedrag vir ruitglas, soos in die bylae aangedui.

**6. VERLIES VAN SLEUTELS**

Ons stel jou tot hoogstens R5 000 per eis skadeloos teen die vervanging van jou versekerde voertuig se sleutels en slotte, insluitend enige afstandsalarmkontrole en die herprogrammering van die alarmstelsel indien nodig, as gevolg van

6.1 die verlies van jou versekerde voertuig se sleutel of alarmkontrole of skade aan slotte weens diefstal of poging daartoe, of

6.2 jou rede om te glo dat ’n ongemagtigde persoon in besit van ’n duplikaatsleutel of –alarmkontrole kan wees.

Betaling geskied sonder aanpassing van die eisvrye bonus of toepassing van ’n bybetaling.

**7. KREDIETTEKORT**

Indien die betaling van enige algehele verlies volgens par 1: Ons skadeloosstelling aan jou, minder is as die bedrag wat jy volgens ’n bestaande afbetalingsverkoops- of bruihuurooreenkoms aan die finansier verskuldig is, betaal ons jou ’n bykomende bedrag gelyk aan die tekort, minus

7.1 enige agterstallige paaiemente of huurgelde en rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae;

7.2 alle premieterugbetalings vir die kansellasie van enige versekeringsdekking in verband met die motorvoertuig;

7.3 die verhoogde paaiemente of huurgelde wat betaal sou gewees het, indien daar geen kapitaalreswaarde aan die einde van die finansieringstydperk was nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word;

7.4 die Eerste Bedrag Betaalbaar,

op voorwaarde dat

7.5 die betaalbare bedrag, insluitend die bedrag betaal of betaalbaar volgens 1.2 of 1.3: Ons skadeloosstelling aan jou, nie die skadeloosstellingsperk, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar, oorskry nie;

7.6 hierdie uitbreiding nie van toepassing is op ’n ooreenkoms waarvolgens die bedrag van enige enkele paaiement met meer as 10% van enige ander paaiement verskil nie; en

7.7 indien sodanige tekort die gevolg van ’n hervoorskot volgens ’n afbetalingsverkoop of herfinansiering ten opsigte van ’n bruikhuurooreenkoms is, die versekering volgens hierdie uitbreiding nietig verklaar word.

**8. NOODVERBLYF**

Ons betaal jou die koste noodsaaklikerwys aangegaan vir een nag weg van jou privaatwoning, indien jy regstreeks as gevolg van verlies van of skade aan jou voertuig wat tot ’n eis volgens hierdie afdeling aanleiding gee, nie jou reis kan voltooi nie, op voorwaarde dat

8.1 ons aanspreeklikheidsperk ‘n totale bedrag van R5 000 beloop; en dat

8.2 sodanige uitgawe verder as 250km van jou privaatwoning aangegaan word.

**9. WRAKVERWYDERINGSKOSTE**

Benewens die skadeloosstellingsperk betaal ons die redelike koste en uitgawes deur jou aangegaan (maar insleep- en bergingskoste, soos omskryf volgens par 2: Beskerming en Herstelkoste, uitgesluit) vir puin- of wrakverwydering ten opsigte van ’n versekerde voertuig, tot hoogstens R10 000.

**10. BRANDBESTRYDINGSKOSTE**

Benewens die aanspreeklikheidsperk in die bylae aangedui, betaal ons enige brandblussings- of -bestrydingskoste tot hoogstens R5 000, op voorwaarde dat jy regtens vir sodanige koste aanspreeklik is en jou voertuig aan die brand was of gevaar geloop het om deur brand beskadig te word.

**11. NOODSAAKLIKE VERBOUINGS**

Indien jy as regstreekse gevolg van ‘n motorongeluk permanent totaal ongeskik raak en, as gevolg van sodanige ongeskiktheid permanent afhanklik raak van ‘n rolstoel ten einde rond te beweeg, maak ons, behalwe enige bedrag betaalbaar, ook ‘n bydrae tot die aankoop van ‘n rolstoel en/of verbouings aan jou privaatmotorvoertuig en/of privaatwoning om die gebruik van sodanige rolstoel te vergemaklik, op voorwaarde dat ons aanspreeklikheid vir sodanige koste as gevolg van ‘n ongeval of reeks ongevalle voortspruitend uit een oorsaak, nie R50 000 vir elke enkele voorval oorskry nie.

**ONDERAFDELING B: AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE**

1. In die geval van ’n ongeluk veroorsaak deur of in verband met die voertuig of gehaakte sleep- of woonwa, motor of afleweringsvoertuig

met ’n bruto voertuigmassa van hoogstens 3 500kg wat gesleep word (sonder betaling) stel ons jou skadeloos teen alle bedrae, insluitend eiserskoste en uitgawes waarvoor jy regsaanspreeklik raak ten opsigte van

- 1.1 dood of liggaamlike besering van enige persoon, of
- 1.2 skade aan eiendom.

2. Ons betaal koste en uitgawes met ons skriftelike toestemming aangegaan.
3. Ons kan reëlings tref ten opsigte van
   - 3.1 verteenwoordiging by enige nadoodse ondersoek, of
   - 3.2 verdediging van strafregtelike vervolging voortspruitend uit enige daad wat verband hou met ’n voorval wat aan skadeloosstelling onderworpe kan wees.
4. Volgens Aanspreeklikheid teenoor Derde Partye (par 1 en 2 hierbo),
   - 4.1 stel ons enige persoon skadeloos wat die voertuig met jou toestemming gebruik, op voorwaarde dat sodanige persoon
     - 4.1.1 nie volgens enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie;
     - 4.1.2 asof hy/sy jy was, onderworpe is aan die bepalings van die polis vir soverre dit van toepassing is;
     - 4.1.3 nie voorheen voertuigversekering geweier is nie;
   - 4.2 stel ons jou skadeloos terwyl jy ’n motor of afleweringsvoertuig met ’n bruto voertuigmassa van hoogstens 3 500kg bestuur, maar skade aan ‘n voertuig uitgesluit
     - 4.2.1 wat jy nie besit nie, en wat
     - 4.2.2 nie volgens ’n krediet- of soortgelyke ooreenkoms deur jou gekoop, gebruikhuur of gehuur word nie.

**SPESIALE UITSLUITINGS**

**1. VERLIES VAN OF SKADE AAN DIE VOERTUIG**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

- 1.1 Meer as 5% van die skadeloosstellingsperk ten opsigte van die voertuig, soos in die bylae aangedui, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar vir enige soort radio of ander klankreproduksietoerusting, behalwe radio- en klantoerusting deur die vervaardiger in die voertuig geïnstalleer toe dit nuut was. Indien radio- of klanktoerusting in die bylae gespesifiseer is, is die aangeduide waarde die maksimum aanspreeklikheid betaalbaar in die geval van ‘n eis;
- 1.2 waardevermindering, geleidelike agteruitgang, slytasie, meganiese of elektriese onklaarraking of brekasie;
- 1.3 skade aan die masjien, tensy enige ander gedeelte van die voertuig terselfdertyd in ‘n ongeluk beskadig raak, of tensy skade veroorsaak word deur diewe of persone met kwaadwillige opset;
- 1.4 skade aan bande as gevolg van strawwe remgebruik, lekkasies, snye en/of barste veroorsaak deur obstruksies en/of ongelyke padoppervlaktes of botsing met obstruksies en/of ongelyke padoppervlaktes, tensy enige ander gedeelte van die voertuig terselfdertyd as gevolg van dieselfde voorval beskadig raak en die ooreengekome skade gelyk is aan of R2 500 of die bybetaling/Eerste Bedrag Betaalbaar oorskry, wat ook al groter is;
- 1.5 skade aan die veerstelsel/onderstel as gevolg van strawwe remgebruik of veroorsaak deur obstruksies of ongelyke padoppervlaktes of botsing met obstruksies en/of ongelyke padoppervlaktes, of
- 1.6 onbeskadigde gedeeltes. Ons aanspreeklikheid is beperk tot slegs die vervangingskoste van die beskadigde gedeelte en nie die moontlike waarde daarvan as deel van ‘n paar of stel nie.

**2. AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

- 2.1 Dood of liggaamlike besering van
  - 2.1.1 ’n gesinslid wat gewoonlik by jou inwoon;
  - 2.1.2 enige persoon wat in die sleep- of woonwa vervoer word;
  - 2.1.3 ’n werknemer, behalwe huishoudelike werknemers, van jou of jou gesin wat in die loop van sodanige diens beseer word of sterf, of
  - 2.1.4 enige passasier wat nie in ’n motor of passasierskompartement of -kajuit van enige afleweringsvoertuig vervoer word;
- 2.2 skade aan eiendom wat
  - 2.2.1 behoort aan of in trust of in die bewaring/onder beheer van jou of jou gesin gehou word, of
  - 2.2.2 in die sleep- of woonwa vervoer word;

2.3 enige vergoeding wat volgens enige voertuigversekeringswetgewing voorsien of verseker kan word. Indien 'n verlies egter volgens hierdie afdeling toelaatbaar is, is dit beperk tot R5 000 000 of R2 500 000, indien die bestuurder van die versekerde voertuig jonger as 25 jaar is, insluitend alle koste en uitgawes ten opsigte van enige enkele voorval of reeks voorvalle voortspruitend uit een voorval;

2.4 meer as R2 500 000, insluitend alle koste en uitgawes vir die dood of liggaamlike besering van persone wat in die voertuig reis, indien dit deur 'n persoon van jonger as 25 jaar bestuur word; en

2.5 meer as R5 000 000, insluitend alle koste en uitgawes vir enige enkele ongeval of reeks ongevalle voortspruitend uit een voorval.

**3. ALGEMEEN**

3.1 Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

Verlies, skade, besering of aanspreeklikheid wat veroorsaak, opgedoen of aangegaan word

3.1.1 buite die gebiedsgrense van die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Zambië, behalwe vir verlies of skade aan die voertuig terwyl dit per skip (op see) in transito tussen hawens binne die gebiedsgrense is;

3.1.2 terwyl die voertuig bestuur of gebruik word

3.1.2.1 behalwe volgens par 2: Gebruiksbeskrywings (hieronder);

3.1.2.2 deur jou (of met jou toestemming deur enige persoon) tensy gelisensieer om die voertuig te bestuur en in besit van 'n geldige rybewys volgens wetgewing, wat op die gebied waar die voertuig gebruik word, van toepassing is. Indien 'n lisensie aan hernuwing onderworpe is, moes die bestuurder in besit gewees het daarvan en nie gediskwalifiseer gewees het om sodanige lisensie te bekom nie. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien die voertuig deur jou (of met jou toestemming deur enige persoon) bestuur word wat leer bestuur en terwyl wetgewing met betrekking tot leerlingbestuurders nagekom word nie, of indien jy onbewus was daarvan dat die bestuurder nie in besit van 'n geldige rybewys was nie en jy kan bewys dat jy in die gewone verloop van sake redelikerwys sou kon aanvaar dat hy/sy in besit van 'n geldige rybewys was. Enige bestuurder word geag gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur, indien nie-nakoming van enige lisensiewetgewing uitsluitlik die gevolg is van versuim om enige lisensie wat aan periodieke hernuwing onderworpe is, te hernu;

3.1.2.3 deur jou of 'n afhanklike gesinslid of enige persoon terwyl onder die invloed van bedwelmende drank of dwelmmiddels of terwyl die konsentrasie bloedalkohol die wettige perk oorskry;

3.1.2.4 in 'n toestand wat nie voldoen aan die bepalings van die Padverkeersordinansies van die Republiek van Suid-Afrika of enige soortgelyke wetgewing van toepassing op die gebiedsgrense waarna in Spesiale Uitsluiting 3.1.1 van hierdie afdeling verwys word nie;

3.1.3 terwyl 'n afkeweringsvoertuig gebruik word om goedere vir sake- of beroepsdoeleindes te vervoer.

3.2 Ons is nie aanspreeklik vir enige eis of aanspreeklikheid voortspruitend uit 'n kontrak nie.

**SPESIALE VOORWAARDES EN UITBREIDINGS**

**1. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

In die geval van verlies van of skade aan die voertuig is jy verantwoordelik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui, vir elke voertuig afsonderlik bereken.

Indien ons reeds enige bedrag betaal het, is jy volgens hierdie voorwaarde verantwoordelik om ons onmiddellik daardie bedrag terug te betaal.

**2. GEBRUIKSBESKRYWING**

2.1 Indien die gebruikskategorie in die bylae as **huishoudelik** aangedui word, is die voertuig slegs verseker indien gebruik vir privaat-, huishoudelike en ontspanningsdoeleindes.

Die volgende gebruike word uitgesluit: ritte na en vanaf jou werksplek, vir sake- en beroepsdoeleindes, verhuring, vervoer van enige of betalende passasiers, bestuursopleiding teen vergoeding, wedrenne, spoed- of ander tydrenne, veldrenne, proefritte, of gebruik in verband met die motorbedryf. Die begrip "motorbedryf" maak geen dekking aan jou voorsien ongeldig terwyl die voertuig in bewaring of onder toesig van 'n lid van die motorbedryf is vir instandhouding of herstelwerk nie.

2.2 Indien die gebruikskategorie in die bylae as **privaat** aangedui word, is die voertuig slegs verseker indien gebruik vir privaat-, huishoudelike en ontspanningsdoeleindes, insluitend ritte na en vanaf jou werksplek.

Die volgende gebruike word uitgesluit: sake- en beroepsdoeleindes, verhuring, vervoer van enige of betalende passasiers, bestuursopleiding teen vergoeding, wedrenne, spoed- of ander tydrenne, toetse of gebruik vir enige doel in verband met die motorbedryf. Die begrip "motorbedryf" maak geen dekking aan jou voorsien ongeldig terwyl die voertuig in bewaring of onder toesig van 'n lid van die motorbedryf is vir instandhouding of herstelwerk nie.

2.3 Indien die gebruikskategorie as **sake- of beroepsdoeleindes** aangedui word, is die voertuig slegs verseker indien gebruik vir privaat-, huishoudelike, ontspannings-, sake- en beroepsdoeleindes, insluitend ritte na en vanaf jou werksplek.

Die volgende gebruike word uitgesluit: verhuring, vervoer van enige of betalende passasiers, handelsreise, bestuursopleiding teen vergoeding, wedrenne, spoed- of ander tydrenne, toetse of gebruik vir enige doel in verband met die motorbedryf. Die begrip "motorbedryf" maak geen dekking aan jou voorsien ongeldig terwyl die voertuig in bewaring of onder toesig van 'n lid van die motorbedryf is vir instandhouding of herstelwerk nie.

**3. DEEL VAN VOERTUIGGEBRUIK**

Die aanvaarding van betaling in ruil daarvoor om aan passasiers 'n geleentheid te gee, indien dit deel vorm van 'n ooreenkoms om voertuiggebruik te deel vir sosiale of pendeldoeleindes, word nie beskou as uitgesluit volgens gebruiksbeskrywingsvoorwaardes nie, op voorwaarde dat

3.1 die passasiers nie in die loop van 'n passiersvervoeronderneming vervoer word nie; en

3.2 geen betaling vir sodanige reise ontvang, enige wins insluit nie.

**4. VERKEERSOORTREDINGS**

Dit is 'n voorwaarde van hierdie versekering dat jy ons onmiddellik in kennis stel as jy bewus raak van

4.1 enige bestuurslisensie aan jou of jou gemagtigde bestuurder uitgereik wat geëndosseer, opgeskort of gekanselleer is, of

4.2 enige bestuurder van die voertuig wat aangekla van of skuldig bevind is aan roekelose, nalatige of onbedagsame bestuur.

**5. VERSORGING VAN DIE VOERTUIG**

Jy moet alle redelike stappe neem om die voertuig te beskerm en in stand te hou volgens die padwaardigheidsvereistes volgens enige wetgewing van toepassing binne die gebiedsgrense. Ons het reg van toegang om die voertuig of enige gedeelte daarvan te eniger tyd te ondersoek.

**6. ANDER SE REGTE**

Dekking voorsien aan ander persone as jyself gee hulle geen reg om te eis nie. Jy kan namens hulle eis en jou kwitansie skeld ons kwyt.

**7. UITSLUITING VAN AFLEWERINGSVOERTUIE**

Ons is nie aanspreeklik vir verlies, skade, besering of aanspreeklikheid veroorsaak, opgedoen of gely terwyl enige afleweringsvoertuig (bv ligte afleweringsvoertuig, bakkie, 4X4 met vragruim, dubbelkajuitvoertuig) gebruik word om goedere vir enige sake- of beroepsdoeleindes te vervoer nie. Hierdie uitsluiting is ook op SASRIA-dekking van toepassing (opstand, burgerlike oproer), andersins geldig vir jou voertuie.

**8. HERBOUDE/HERSTELDE VOERTUIE AS KODE 3 GEREGISTREER**

In die geval van die diefstal of algehele verlies van die versekerde voertuig is die skikking van eise nie op kleinhandelswaarde gebaseer nie. Ons betaal hoogstens die redelike markwaarde, soos deur die motorbedryf bepaal of die bedrag op 'n waardasiesertifikaat (van 'n goedgekeurde, erkende waardeerder) wat jy voor die diefstal/algehele verlies van die voertuig aan ons verskaf, watter ook al groter is, maar wat nie die aanspreeklikheidsperk (soos in die bylae aangedui), minus die Eerste Bedrag Betaalbaar oorskry nie. Die waardasiesertifikaat moet ten tye van die verlies nie ouer as een jaar wees nie.

**9. KLEINHANDELSWAARDE**

**Kleinhandelswaarde** beteken die kleinhandelswaarde van jou voertuig, soos aangedui in die "Motorhandelaarsgids/Auto Dealers' Guide" deur Mead en McGrouther. Ons kan die kleinhandelsyfer in die "Auto Dealers' Guide" aangedui, aanpas om voorsiening te maak vir die toestand voor die verlies, kilometerafstand, verroesting en ander faktore wat die motorhandel by die bepaling van die kleinhandelswaarde van voertuie oorweeg.

**10. VOERTUIGOPSPORINGSWAARBORG (Slegs van toepassing indien in die Motorvoertuigbylae as sulks aangedui*)***

Dit is gewaarborg dat ’n goedgekeurde opsporingstelsel in die versekerde voertuig geïnstalleer en volgens ‘n kontrak met die diensverskaffer in ‘n werkende toestand gehou word vir die geldigheidsduur van hierdie polis.

Indien vasgestel word dat jy nie aan hierdie waarborg voldoen het nie, kan ons weier om jou skadeloos te stel teen verlies of skade voortsptuitend uit diefstal of enige poging daartoe.

**11. ONDERDELEKLOUSULE**

Indien enige onderdeel of toebehore wat na versekerde skade aan die voertuig/tuie in die bylae omskryf, herstel of vervang moet word, onverkrygbaar is in die Republiek van Suid-Afrika, is ons aanspreeklikheid beperk tot die betaling van ’n bedrag gelyk aan die waarde van ’n standaard vervaardigde onderdeel of toebehore op die datum van verlies of skade, tot hoogstens soos aangedui op die vervaardiger se jongste pryslys.

**12. UITBREIDINGS: VIERTREKVOERTUIE**

Indien die versekerde voertuig ’n 4x4- of 2x4-voertuig (met ewenaarslot) is, is onderstaande uitbreidings van toepassing.

**12.1 Voertuigtoebehore en gespesialiseerde items**

Ons betaal vir herstelwerk of vervanging van toebehore en gespesialiseerde bybehore wat deel vorm van die voertuig, insluitend gemonteerde klanktoerusting, tot hoogstens R10 000 in totale waarde, na verlies of skade wat volgens Onderafdeling A. 1: Ons skadeloosstelling aan jou verseker is, onderworpe daaraan dat die versekerde waarde van die voertuig voldoende is om sodanige items in te sluit.

**12.2 Meganiese of elektriese onklaarraking van die voertuig se wenastoerusting**

Ongeag enige teenstrydigheid vervat in hierdie afdeling, voorsien hierdie uitbreiding dekking vir skielike en onvoorsiene meganiese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie van die voertuig se wenastoerusting, onderworpe aan ‘n maksimum skadeloosstelling van R7 500. Onklaarraking, weiering of brekasie wat toe te skryf is aan foutiewe ontwerp, onderdele of die werking van die wenastoerusting bó vlakke wat deur die vervaardiger aanbeveel word, slytasie of geleidelike agteruitgang van die wenastoerusting se verbruikskomponente of kabel- of koppeltoestelle, word volgens hierdie uitbreiding uitgesluit.

**12.3 Buitelandse belasting gehef in die geval van algehele verlies van die versekerde voertuig buite die gebiedsgrense van die RSA**

In geval die algehele verlies of vernietiging van die voertuig buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika, maar binne die gebiedsgrense wat in hierdie afdeling omskryf word, as gevolg van voorvalle wat by hierdie afdeling/polis ingesluit word, betaal ons, na afloop van ’n formele ondersoek en afhandeling van navrae tot ons algehele tevredenheid in verband met die aard en omstandighede van die verlies, geldigheid van die eis en verifiëring van belasting gehef deur die buitelandse staat waar die verlies plaasgevind het, na ons keuse die belasting deur sodanige staat gehef, tot hoogstens 100% van die versekerde bedrag vir die voertuig, soos in die bylae aangedui. Ons aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie uitbreiding, tesame met die eis vir materiële verlies van of skade aan die voertuig oorskry nie ‘n totale bedrag van R750 000 nie.

Jy is verplig om ’n bykomende Eerste Bedrag Betaalbaar (benewens die standaard Eerste Bedrag Betaalbaar) te betaal, gelyk aan 10% van die belasting deur sodanige buitelandse staat gehef, soos ooreengekom volgens die die dekking deur hierdie uitbreiding voorsien.

**12.4 Gebiedsgrense**

Die gebiedsgrense word gewysig om die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Zambië en Zimbabwe in te sluit, ook transito op see tussen hawens in hierdie grondgebiede, asook die op- en aflaai wat met sodanige transito gepaard gaan, ingesluit.

**12.5 Repatriasiekoste van die voertuig**

Indien die voertuig buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika en binne die gebiedsgrense, soos in par 12.4 omskryf, versekerde verlies of skade opdoen, betaal ons die koste redelikerwys aangegaan vir die opsporing en/of terugverkryging van die voertuig, ten einde dit aan jou by die adres, soos in die bylae aangedui, of by die perseel van ’n herstelplek in die Republiek van Suid-Afrika te besorg, tot ‘n maksimum skadeloosstelling van R20 000 ten opsigte van elke eis, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar, indien in die bylae aangedui.

**OPSIONELE BEPERKINGS**

Slegs van toepassing indien die omvang van die dekking as derde party, brand en diefstal in die bylae aangedui word

**ONS SKADELOOSSTELLING AAN JOU (Herhaling)**

Verlies van of skade aan die voertuig:

1. Indien die voertuig of enige gedeelte daarvan deur brand, weerlig, ontploffing, diefstal of poging daartoe, verlore of beskadig raak, stel ons jou skadeloos deur na ons keuse die bedrag van die verlies, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar, te betaal of dit te laat herstel deur ‘n goedgekeurde hersteller, of dit te vervang.
   Indien die voertuig onderworpe aan ’n afbetalingsverkoops- of bruikhuurooreenkoms is, word enige gelde volgens die ooreenkoms aan jou verskuldig, vir die delging van skuld gebruik. Die eienaar(s) na wie in die ooreenkoms verwys word, se kwitansie dien as ons volle kwytskelding vir die terugbetaling.
2. Die maksimum bedrag deur ons betaalbaar, is die skadeloosstellingsperk, soos in die bylae aangedui, of die redelike kleinhandelswaarde van die voertuig ten tye van die verlies of skade, wat ook al die minste is, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar.

**SPESIALE UITSLUITINGS (Herhaling)**

**VERLIES VAN OF SKADE AAN DIE VOERTUIG**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

1. Enige soort radio en ander klankreproduksietoerusting, tensy die voertuig terselfdertyd gesteel word;
2. waardevermindering, geleidelike agteruitgang, slytasie, meganiese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie, of
3. skade aan die masjien of buitebande, tensy ’n ander gedeelte van die voertuig terselfdertyd beskadig raak, of tensy sodanige skade deur diewe of persone met kwaadwillige opset veroorsaak word.

Onderstaande uitbreidings word geskrap.

4. MEDIESE UITGAWES
5. RUITGLAS
6. VERLIES VAN SLEUTELS
7. KREDIETTEKORT
8. NOODVERBLYF
9. WRAKVERWYDERINGSKOSTE
12. UITBREIDINGS: VIERTREKVOERTUIE

**SPESIALE VOORWAARDES (Herhaling)**

**EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

In die geval van verlies van of skade aan die voertuig is jy verantwoordelik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui, vir elke voertuig afsonderlik bereken.

Indien ons reeds enige bedrag betaal het, is dit volgens hierdie voorwaarde jou verantwoordelikheid om sodanige bedrag onmiddellik aan ons terug te betaal.

**SLEGS VAN TOEPASSING INDIEN DIE OMVANG VAN DIE DEKKING AS SLEGS DERDE PARTY IN DIE BYLAE AANGEDUI IS**

Onderstaande word uit die dekking volgens hierdie afdeling geskrap.

1. ONS SKADELOOSSTELLING AAN JOU: Verlies van of skade aan die voertuig
2. BESKERMING EN HERSTELKOSTE
3. AFLEWERING NA HERSTELWERK
4. MEDIESE UITGAWES
5. RUITGLAS
6. VERLIES VAN SLEUTELS
7. KREDIETTEKORT
8. NOODVERBLYF
9. WRAKVERWYDERINGSKOSTE
10. BRANDESTRYDINGSKOSTE
12. UITBREIDINGS: VIERTREKVOERTUIE

**SLEGS DIE PARAGRAAF MET DIE OPSKRIF ONDERAFDELING B: AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE IS VAN TOEPASSING**

# AFDELING 7
# MOTORFIETSE

**WOORDOMSKRYWING**

Vir die doel van hierdie afdeling beteken **voertuig** ’n motorfiets of bromponie (met of sonder syspan) en sluit dit spesifiek vierwielmotorfietse en viertrekvoertuie, soos in die bylae aangedui en in jou besit, uit.

**ONDERAFDELING A: DEKKING VOORSIEN VIR DIE VERSEKERDE VOERTUIG**

**1. ONS SKADELOOSSTELLING AAN JOU**

Verlies van of skade aan die voertuig:

1.1 Indien die voertuig of enige deel daarvan verlore of beskadig raak, stel ons jou skadeloos deur na ons keuse daarvoor te betaal of dit te laat herstel deur ‘n goedgekeurde hersteller, of dit te vervang, of die bedrag van die verlies, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar. Indien die voertuig onderworpe is aan ’n afbetalingsverkoops- of bruikhuurooreenkoms, word enige gelde volgens sodanige ooreenkoms aan jou verskuldig, gebruik vir delging van skuld. Die eienaar(s) na wie in die ooreenkoms verwys word, se kwitansie dien as volle kwytskelding van ons terugbetaling.

1.2 Die maksimum bedrag deur ons betaalbaar, is die skadeloosstellingsperk, soos in die bylae aangedui, of die redelike kleinhandelswaarde van die voetrtuig ten tye van die verlies of skade, wat ook al minder is, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar.
In die geval van jou skadeloosstelling volgens 1.2 hierbo, word geen premieterugbetaling ten opsigte van die onverstreke versekeringstydperk gemaak nie.

**2. BESKERMING EN HERSTELKOSTE**

Indien versekerde verlies of skade plaasvind,

2.1 betaal ons die redelike koste van opberging, beskerming, insleep en verwydering van die voertuig na die naaste herstelplek onderworpe aan ‘n maksimum bedrag van R1 750; en

2.2 jy kan sonder ons toestemming herstelwerk aan die voertuig aanvra, tot hoogstens R2 000, op voorwaarde dat ’n gespesifiseerde kwotasie so gou moontlik na voltooiing van die herstelwerk aan ons verskaf word.

**3. AFLEWERING NA HERSTELWERK**

Na voltooiing van herstelwerk betaal ons die redelike koste om die voertuig by jou adres in die Republiek van Suid-Afrika af te lewer.

**4. KREDIETTEKORT**

Indien die betaling van enige algehele verlies volgens par 1: Ons skadeloosstelling aan jou, minder is as die bedrag wat jy volgens ’n bestaande afbetalingsverkoops- of bruihuurooreenkoms aan die finansier verskuldig is, betaal ons jou ’n bykomende bedrag gelyk aan die tekort, minus

4.1 enige agterstallige paaiemente of huurgelde, insluitend rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae;

4.2 alle premieterugbetalings vir die kansellasie van enige versekeringsdekking in verband met die motorvoertuig;

4.3 die verhoogde paaiemente of huurgelde wat betaal sou gewees het, indien daar geen kapitaalreswaarde aan die einde van die finansieringstydperk was nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word; en

4.4 die Eerste Bedrag Betaalbaar, op voorwaarde dat

4.5 die totale betaalbare bedrag, insluitend die bedrag betaal of betaalbaar volgens 1.1 of 1.2: Ons skadeloosstelling aan jou, nie die skadeloosstellingsperk, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar, oorskry nie;

4.6 hierdie uitbreiding nie van toepassing is op ’n ooreenkoms waarvolgens die bedrag van enige enkele paaiement met meer as 10% van enige ander paaiement verskil nie; en

4.7 indien sodanige tekort die gevolg van ’n hervoorskot volgens ’n afbetalingsverkoop of herfinansiering ten opsigte van ’n bruikhuurooreenkoms is, die versekering volgens hierdie uitbreiding nietig verklaar word.

**ONDERAFDELING B: AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE**

1. In die geval van ’n ongeluk veroorsaak deur of in verband met die voertuig, stel ons jou skadeloos teen alle bedrae, insluitend eiserskoste en uitgawes waarvoor jy regsaanspreeklik raak ten opsigte van
    1.1 dood of liggaamlike besering van enige persoon, of
    1.2 skade aan eiendom.
2. Ons betaal koste en uitgawes met ons skriftelike toestemming aangegaan.

3. Ons kan reëlings tref ten opsigte van
   3.1 verteenwoordiging by enige nadoodse ondersoek, of
   3.2 verdediging van strafregtelike vervolging voortspruitend uit enige daad wat verband hou met ’n voorval wat aan skadeloosstelling onderworpe kan wees.
4. Volgens Aanspreeklikheid teenoor Derde Partye (par 1 en 2 hierbo), stel ons enige persoon skadeloos wat die voertuig met jou toestemming gebruik, op voorwaarde dat sodanige persoon
   4.1 nie volgens enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie;
   4.2 asof hy/sy jy was, onderworpe is aan die bepalings van die polis vir soverre dit van toepassing is; en
   4.3 nie voorheen voertuigversekering geweier is nie.

**SPESIALE UITSLUITINGS**

**1. VERLIES VAN OF SKADE AAN DIE VOERTUIG**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

1.1. Diefstal van toebehore, tensy die voertuig terselfdertyd gesteel word;
1.2. enige soort radio en ander klankreproduksietoerusting;
1.3 waardevermindering, geleidelike agteruitgang, slytasie, meganiese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie;
1.4 skade aan die masjien, tensy enige ander gedeelte van die voertuig terselfdertyd in ‘n ongeluk beskadig raak, of tensy sodanige skade veroorsaak word deur persone met kwaadwillige opset;
1.5 skade aan bande as gevolg van strawwe remgebruik, lekkasies, snye en/of barste veroorsaak deur obstruksies en/of ongelyke padoppervlaktes of botsing met obstruksies en/of ongelyke padoppervlaktes, tensy enige ander gedeelte van die voertuig terselfdertyd as gevolg van dieselfde voorval beskadig raak en die ooreengekome skade gelyk is aan of R2 500 of die bybetaling/Eerste Bedrag Betaalbaar oorskry, wat ook al groter is;
1.6 skade aan die veerstelsel/onderstel as gevolg van strawwe remgebruik of veroorsaak deur obstruksies en/of ongelyke padoppervlaktes of botsing met obstruksies en/of ongelyke padoppervlaktes, of
1.7 onbeskadigde gedeeltes. Ons aanspreeklikheid is beperk tot slegs die vervangingskoste van die beskadigde gedeelte en nie die moontlike waarde daarvan as deel van ‘n paar of stel nie.

**2. AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

2.1 Dood of liggaamlike besering van enige agtersaal- of syspanpassasier;
2.2 skade aan eiendom wat behoort aan of in trust of in die bewaring/onder beheer van jou of jou gesin gehou word;
2.3 enige vergoeding wat volgens enige voertuigversekeringswetgewing voorsien of verseker kan word. Indien ’n verlies egter volgens hierdie afdeling toelaatbaar is, is dit beperk tot R500 000, insluitend alle koste en uitgawes ten opsigte van enige enkele voorval of reeks voorvalle voortspruitend uit een voorval; en
2.4 meer as R5 000 000, insluitend alle koste en uitgawes vir enige enkele ongeval of reeks ongevalle voortspruitend uit een voorval.

**3. ALGEMEEN**

3.1 Ons is nie aanspreeklik vir verlies, skade, besering of aanspreeklikheid wat veroorsaak, opgedoen of aangegaan word
   3.1.1 buite die gebiedsgrense van die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Zambië, behalwe vir verlies of skade aan die voertuig terwyl dit per skip (op see) in transito tussen hawens binne die gebiedsgrense is;
   3.1.2 terwyl die voertuig bestuur of gebruik word, behalwe volgens die gebruiksbeskrywing of deur jou (of met jou toestemming deur enige persoon) tensy gelisensieer om die voertuig te bestuur en in besit van ’n geldige rybewys volgens wetgewing, wat op die gebied waar die voertuig gebruik word, van toepassing is. Indien ’n lisensie aan hernuwing onderworpe is, moes die bestuurder in besit gewees het daarvan en nie gediskwalifiseer gewees het om sodanige lisensie te bekom nie. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien die voertuig deur jou (of met jou toestemming deur enige persoon) bestuur word wat leer bestuur en terwyl wetgewing met betrekking tot leerlingbestuurders nagekom word nie. Versuim om enige lisensie wat aan periodieke hernuwing onderworpe is, te hernu, maak nie versekering volgens bierdie afdeling van die polis ongeldig nie;
   3.1.3 deur jou of ’n afhanklike gesinslid of enige persoon met jou toestemming en wete terwyl onder die invloed van

bedwelmende drank of dwelmmiddels of terwyl die konsentrasie bloedalkohol die wettige perk oorskry; en

3.1.4 in 'n toestand wat nie voldoen aan die bepalings van die Padverkeersordinansies van die Republiek van Suid-Afrika of enige soortgelyke wetgewing van toepassing op die gebiedsgrense waarna in Spesiale Uitsluiting 3.1.1 van hierdie afdeling verwys word nie.

3.2 Ons is nie aanspreeklik nie vir enige eis of aanspreeklikheid voortspruitend uit 'n kontrak nie.

**SPESIALE VOORWAARDES**

**1. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

In die geval van verlies van of skade aan die voertuig is jy verantwoordelik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui. Indien ons reeds die Eerste Bedrag Betaalbaar betaal het, moet jy ons onmiddellik sodanige bedrag terugbetaal.
Die Eerste Bedrag Betaalbaar word afsonderlik vir elke voertuig bereken.

**2. GEBRUIKSBESKRYWING**

2.1 Indien die gebruikskategorie in die bylae as **privaat** aangedui word, is die voertuig slegs verseker indien gebruik vir privaat-, huishoudelike en ontspanningsdoeleindes, insluitend ritte na en vanaf jou werksplek.
Die volgende gebruike word uitgesluit: sake- en beroepsdoeleindes, verhuring, vervoer van enige of betalende passasiers, bestuursopleiding teen vergoeding, wedrenne, spoed- of ander tydrenne, toetse of gebruik vir enige doel in verband met die motorbedryf. Die begrip "motorbedryf" maak geen dekking aan jou voorsien ongeldig terwyl die voertuig in bewaring of onder toesig van 'n lid van die motorbedryf is vir instandhouding of herstelwerk nie.

2.2 Indien die gebruikskategorie as **sake-of beroepsdoeleindes** aangedui word, is die voertuig slegs verseker indien gebruik vir privaat-, huishoudelike, ontspannings-, sake- en beroepsdoeleindes, insluitend ritte na en vanaf jou werksplek.
Die volgende gebruike word uitgesluit: verhuring, vervoer van enige of betalende passasiers, handelsreise, bestuursopleiding teen vergoeding, wedrenne, spoed- of ander tydrenne, toetse of gebruik vir enige doel in verband met die motorbedryf. Die begrip "motorbedryf" maak geen dekking aan jou voorsien ongeldig terwyl die voertuig in bewaring of onder toesig van 'n lid van die motorbedryf is vir instandhouding of herstelwerk nie.

**3. VERKEERSOORTREDINGS**

Jy moet ons onmiddellik in kennis stel as jy bewus raak van

3.1 enige bestuurslisensie aan jou of jou gemagtigde bestuurder uitgereik wat geëndosseer, opgeskort of gekanselleer is, of

3.2 enige bestuurder van die voertuig wat aangekla van of skuldig bevind is aan roekelose, nalatige of onbedagsame bestuur.

**4. VERSORGING VAN DIE VOERTUIG**

Jy moet alle redelike stappe neem om die voertuig te beskerm en in stand te hou volgens die padwaardigheidsvereistes van enige wetgewing van toepassing binne die gebiedsgrense. Ons het reg van toegang om die voertuig of enige gedeelte daarvan te eniger tyd te ondersoek.

**5. ANDER SE REGTE**

Dekking voorsien aan ander persone as jyself gee hulle geen reg om te eis nie. Jy kan namens hulle eis en jou kwitansie skeld ons kwyt.

**SLEGS VAN TOEPASSING INDIEN DIE BYLAE DIE OMVANG VAN DIE DEKKING AS DERDE PARTY AANDUI**

1. Slegs Onderafdeling B: Aanspreeklikheid teenoor derde partye is van toepassing.

2. Onderstaande word geskrap.
ONDERAFDELING A: DEKKING VOORSIEN VIR DIE VERSEKERDE VOERTUIG
   1. SKADELOOSSTELLING AAN JOU
   2. BESKERMING EN HERSTELKOSTE
   3. AFLEWERING NA HERSTELWERK
   4. KREDIETTEKORT

SPESIALE VOORWAARDES 1: EERSTE BEDRAG BETAALBAAR

# AFDELING 8
# SLEEP-/WOONWAENS

**WOORDOMSKRYWINGS**

Vir die doel van hierdie afdeling beteken **voertuig** ’n sleep- of woonwa (insluitend vaste toebehore) sonder selfaandrywing, ontwerp om getrek te word deur ’n selfaangedrewe voertuig, soos in die bylae aangedui en wat aan jou behoort.

**ONDERAFDELING A: DEKKING VOORSIEN VIR DIE VERSEKERDE VOERTUIG**

**1. SKADELOOSSTELLING AAN JOU**

Verlies van of skade aan die voertuig:

1.1 Indien die voertuig of enige deel daarvan verlore of beskadig raak, stel ons jou skadeloos deur na ons keuse daarvoor te betaal of dit te laat herstel deur ‘n goedgekeurde hersteller, of dit te vervang, of die bedrag van die verlies, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar. Indien die voertuig onderworpe is aan ’n afbetalingsverkoops- of bruikhuurooreenkoms, word enige gelde volgens sodanige ooreenkoms aan jou verskuldig, gebruik vir delging van skuld. Die eienaar(s) na wie in die ooreenkoms verwys word, se kwitansie dien as volle kwytskelding van ons terugbetaling.

1.2 Die maksimum bedrag deur ons betaalbaar, is die skadeloosstellingsperk, soos in die bylae aangedui, of die redelike kleinhandelswaarde van die voertuig ten tye van die verlies of skade, wat ook al minder is, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar.

**2. BESKERMING EN HERSTELKOSTE**

Indien versekerde verlies of skade plaasvind,

2.1 betaal ons die redelike koste van opberging, beskerming, insleep en verwydering van die voertuig na die naaste herstelplek, onderworpe aan ‘n maksimum bedrag van R1 750; en

2.2 jy kan sonder ons toestemming herstelwerk aan die voertuig aanvra, tot hoogstens R3 000, op voorwaarde dat ’n gespesifiseerde kwotasie so gou moontlik na voltooiing van die herstelwerk aan ons verskaf word.

**3. AFLEWERING NA HERSTELWERK**

Na voltooiing van herstelwerk betaal ons die redelike koste om die voertuig by jou adres in die Republiek van Suid-Afrika af te lewer.

**ONDERAFDELING B: AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE**

1. In die geval van ’n ongeluk veroorsaak deur of in verband met die voertuig, stel ons jou skadeloos teen alle bedrae, insluitend eiserskoste en uitgawes waarvoor jy regsaanspreeklik raak ten opsigte van
   1.1 dood of liggaamlike besering van enige persoon, of
   1.2 skade aan eiendom.
2. Ons betaal koste en uitgawes met ons skriftelike toestemming aangegaan.
3. Ons kan reëlings tref ten opsigte van
   3.1 verteenwoordiging by enige nadoodse ondersoek, of
   3.2 verdediging van strafregtelike vervolging voortspruitend uit enige daad wat verband hou met ’n voorval wat aan skadeloosstelling onderworpe kan wees.

**SPESIALE UITSLUITINGS**

**1. VERLIES VAN OF SKADE AAN DIE VOERTUIG**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

1.1 Waardevermindering, geleidelike agteruitgang, slytasie, meganiese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie, of

1.2 skade aan die buitebande, tensy ’n ander gedeelte van die voertuig terselfdertyd beskadig raak, of tensy sodanige skade deur diewe of persone met kwaadwillige opset veroorsaak word.

**2. AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

2.1 Dood of liggaamlike besering van

2.1.1 ’n persoon wat in die voertuig vervoer word;

2.1.2 ’n gesinslid wat gewoonlik by jou inwoon, of

2.1.3 ’n werknemer, behalwe huishoudelike werknemers, van jou of jou gesin wat sterf of beseer word in die loop van sodanige diens;

2.2 skade aan eiendom wat

2.2.1 behoort aan of in trust of onder toesig of beheer van jou of jou gesin gehou word, of

2.2.2 in die voertuig vervoer word;

2.3 enige vergoeding wat voorsien word of versekerbaar is volgens enige voertuigversekeringswetgewing;

2.4 dood of liggaamlike besering of skade aan eiendom terwyl die voertuig gesleep word, of

2.5 meer as R5 000 000, insluitend koste en uitgawes vir enige enkele ongeluk of reeks ongelukke voortspruitend uit een voorval.

**3. ALGEMEEN**

Ons is nie aanspreeklik vir enige verlies, skade, besering of aanspreeklikheid veroorsaak, opgedoen of aangegaan

3.1 buite die gebiedsgrense van die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Zambië, behalwe vir verlies of skade aan die voertuig terwyl dit per skip (op see) in transito tussen hawens binne die gebiedsgrense is;

3.2 terwyl die voertuig bestuur of gebruik word, behalwe vir sosiale, huishoudelike of ontspanningsdoeleindes;

3.2.1 gehaak aan ‘n selfaangedrewe voertuig, bestuur deur jou of

3.2.2 met jou toestemming deur enige persoon, tensy gelisensieer om die voertuig te bestuur en in besit van ’n geldige rybewys volgens wetgewing, wat op die gebied waar die voertuig gebruik word, van toepassing is. Indien ’n lisensie aan hernuwing onderworpe is, moes die bestuurder in besit gewees het daarvan en nie gediskwalifiseer gewees het om sodanige lisensie te bekom nie. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien die voertuig deur jou (of met jou toestemming deur enige persoon) bestuur word wat leer bestuur en terwyl wetgewing met betrekking tot leerlingbestuurders nagekom word nie, of

3.2.3 ’n afhanklike gesinslid of enige persoon met jou toestemming en wete terwyl onder die invloed van bedwelmende drank of dwelmmiddels of terwyl die konsentrasie bloedalkohol die wettige perk oorskry nie.

3.3 Ons is nie aanspreeklik vir enige eis of aanspreeklikheid voortspruitend uit ’n kontrak nie.

**SPESIALE VOORWAARDES**

**1. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

In geval van verlies van of skade aan die voertuig is jy verantwoordelik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui. Jy moet onmiddellik enige Eerste Bedrag Betaalbaar wat ons reeds betaal het aan ons terugbetaal.

**2. VERKEERSOORTREDINGS**

Jy moet ons onmiddellik in kennis stel as jy bewus raak van

2.1 enige bestuurslisensie aan jou of jou gemagtigde bestuurder uitgereik wat geëndosseer, opgeskort of gekanselleer is, of

2.2 enige bestuurder van die voertuig wat aangekla van of skuldig bevind is aan roekelose, nalatige of onbedagsame bestuur.

**3. VERSORGING VAN DIE VOERTUIG**

Jy moet alle redelike stappe neem om die voertuig te beskerm en in stand te hou volgens die padwaardigheidsvereistes van enige wetgewing van toepassing binne die gebiedsgrense. Ons het reg van toegang om die voertuig of enige gedeelte daarvan te eniger tyd te ondersoek.

**4. ANDER SE REGTE**

Dekking voorsien aan ander persone as jyself gee hulle geen reg om te eis nie. Jy kan namens hulle eis en jou kwitansie skeld ons kwyt.

**5. SKADELOOSSTELLING AAN ANDER**

Indien meer as een persoon op skadeloosstelling volgens hierdie afdeling geregtig is, is enige beperking van toepassing op die totale skadeloosstellingsbedrag en kry jy voorkeur.

**6. UITGEBREIDE GEBIEDSGRENSE**

Indien die voertuig wat gebruik word om die woonwa te sleep ’n 4x4 of 2x4 met ’n ewenaarslot is wat omvattend verseker is volgens die Motorvoertuigafdeling van hierdie polis, word die gebiedsgrense soos hieronder uitgebrei.

Die gebiedsgrense word gewysig om die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Namibië, Swaziland, Zimbabwe, Malawi, Zambië en Mosambiek in te sluit, ook transito, op see tussen hawens binne die gebiedsgrense en die op- en aflaai wat met sodanige transito gepaard gaan, ingesluit.

# AFDELING 9
# WATERVOERTUIE

**WOORDOMSKRYWING**

Vir hierdie afdeling beteken **vaartuig** die plesier-/watervaartuig, soos in die bylae gespesifiseer, wat bestaan uit ’n romp van nie langer nie as 10m nie, bowerk (seile, maste, sparre en takelwerk), vaste toebehore, masjinerie, enjins, binne- en buiteboordmotor(e), roeibote, uitrusting en toerusting, wat gewoonlik as ’n eenheid verkoop sal word.

**DEKKING VOORSIEN**

**1. ONS SKADELOOSSTELLING AAN JOU**

1.1 Indien die vaartuig of enige gedeelte daarvan verlore of beskadig raak, stel ons jou na ons keuse skadeloos deur te betaal vir die herstel daarvan deur ’n goedgekeurde hersteller, dit te vervang of die bedrag van die verlies of skade, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar. Herstel of vervanging sal so na as moontlik aan die oorspronklike spesifikasie wees, maar daar word nie van ons verwag om ‘n juiste restourasie te bewerkstellig nie. Indien die voertuig onderworpe aan ’n afbetalingsverkoops- of bruikhuurooreenkoms is, word enige gelde volgens die ooreenkoms aan jou verskuldig, gebruik vir die delging van sodanige skuld. Die kwitansie van die eienaar(s) na wie in die ooreenkoms verwys word, dien as volle kwytskelding aan ons vir die terugbetaling.

1.2 Die maksimum bedrag deur ons betaalbaar, is die heersende

1.2.1 aankoopprys van ’n nuwe vaartuig van dieselfde of soortgelyke model, indien die vaartuig jonger as 4 (vier) jaar is, of

1.2.2 markwaarde indien die vaartuig ouer as 4 (vier) jaar is; en

1.2.3 die skadeloosstellingsperk, soos in die bylae aangedui, wat ook al die minste is, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar.

1.3 Indien die versekerde bedrag van die vaartuig ten tye van die versekerde verlies of skade minder as die markwaarde is, is jy jou eie versekeraar vir die verskil en moet jy ’n eweredige deel van die verlies dra.

In die geval van jou skadeloosstelling volgens par 1.2 en 1.3 hierbo word geen premieterugbetaling ten opsigte van die onverstreke versekeringstydperk gemaak nie.

**2. VERSEKERDE VOORVALLE**

Versekerde voorvalle sluit onderstaande in.

2.1 Ongevalle en gevare op see;

2.2 brand, weerlig, ontploffing, aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

2.3 kwaadwillige optrede;

2.4 buiteboordmotor(e) wat af- of oorboord val, op voorwaarde dat dit stewig aan die vaartuig vasgeheg is met ’n toestel bykomend tot die gewone monterings;

2.5 nalatigheid van enige persoon, in beheer van die vaartuig of nie;

2.6 diefstal van die vaartuig of roeiboot/bote;

2.7 diefstal van buiteboordmotor(e), op voorwaarde dat dit stewig aan die vaartuig of roeiboot/bote vasgeheg is met ’n diefweertoestel; en

2.8 diefstal van masjinerie, insluitend buiteboordmotor(e), uitrusting of toerusting, indien saam met die vaartuig gesteel of gepaargaande met kragdadige en gewelddadige betreding van die vaartuig of stoorplek,

op voorwaarde dat ons aanspreeklikheid volgens hierdie afdeling nie die bedrag, soos in die bylae ten opsigte van enige enkele ongeval of reeks ongevalle voortspruitend uit enige enkele voorval, aangedui, oorskry nie, tot hoogstens R250 000 vir enige enkele vaartuig.

**3. SPESIALE UITBREIDINGS**

Ons betaal vir onderstaande.

**3.1 Koste verbonde aan peiling van die onderwatergedeelte van die romp**

Koste verbonde aan peiling van die onderwatergedeelte van die romp na stranding, indien met ons skriftelike toestemming redelikerwys spesifiek vir daardie doel aangegaan, selfs al word geen skade gevind nie.

**3.2 Nood- en berginguitgawes**

Alle koste en uitgawes (tot hoogstens die versekerde bedrag vir die betrokke item), redeliker- en noodsaaklikerwys aangegaan ten opsigte van die beperking van die verlies tot ‘n minimum of voorkoming daarvan, soos deur hierdie polis gedek.

**3.3 Transitorisiko’s**

Enige verlies of skade gedurende transito op land (insluitend op- en aflaai), maar krapmerke en duike, asook aanspreeklikheid teenoor derde partye, uitgesluit. Hierdie afdeling word ook uitgebrei om eise deur derde partye vir dood, besering of skade voortspruitend uit op- en aflaaibedrywighede in te sluit.

Ons is nie aanspreeklik terwyl die vaartuig

3.3.1 vervoer word deur ’n persoon wat nie ’n geldige bestuurslisensie het nie, tensy sodanige persoon van diefstal of onwettige gebruik

van die voertuig wat vir die vervoer van die vaartuig gebruik word, aangekla word, of

3.3.2 in die sorg of onder die beheer van enige persoon onder die invloed van bedwelmende drank of enige dwelmmiddel is.

**3.4 Mediese uitgawes**

Liggaamlike besering as gevolg van ‘n ongeval deur enige persoon opgedoen terwyl aan boord van die vaartuig, tot hoogstens R2 000 per persoon en R10 000 in totaal per voorval.

**3.5 Krediettekort**

Indien die betaling van enige algehele verlies minder is as die bedrag volgens ’n bestaande afbetalingsverkoops- of bruikhuurooreenkoms aan die finansier verskuldig, betaal ons jou ’n bykomende bedrag gelyk aan die tekort, minus

3.5.1 enige agterstallige paaiemente of huurgelde, insluitend rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae;

3.5.2 alle premieterugbetalings vir die kansellasie van enige versekeringsdekking in verband met jou vaartuig;

3.5.3 die verhoogde paaiemente of huurgelde wat betaal sou gewees het, indien daar geen kapitaalreswaarde aan die einde van die finansieringstydperk was nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word;

3.5.4 die Eerste Bedrag Betaalbaar, op voorwaarde dat

3.5.5 die betaalbare bedrag, insluitend die bedrag betaal of betaalbaar volgens 1.2 of 1.3: Ons skadeloosstelling aan jou, nie die skadeloosstellingsperk minus die Eerste Bedrag Betaalbaar oorskry nie;

3.5.6 hierdie dekking nie van toepassing is op ’n ooreenkoms waarvolgens die bedrag van enige enkele paaiement met meer as 10% van enige ander paaiement verskil nie; en

3.5.7 hierdie krediettekortuitbreiding nie op enige hervoorskot volgens ’n afbetalingsverkoop of herfinansiering volgens ’n bruikhuurooreenkoms van toepassing is nie.

**3.6 Seiljagwedvaartrisiko’s**

Ten opsigte van die herstel- of vervangingskoste verbonde aan seile, maste, sparre, stilstaande en lopende takelwerk as gevolg van skade weens ‘n versekerde voorvalle, tydens die vaartuig se deelname aan ‘n wedvaart, betaal ons slegs ’n maksimum van twee derdes van die versekerde bedrag, soos in die bylae gespesifiseer (indien van toepassing op sodanige items), op voorwaarde dat die verlies of skade veroorsaak is deurdat die vaartuig gestrand, gesink, gebrand, aan die brand geslaan of gebots of kontak gemaak het met enige eksterne stof (ys ingesluit), behalwe water. Spesiale Uitsluiting 4.1.6 is nie op hierdie spesiale uitbreiding van toepassing nie.

**4. SPESIALE UITSLUITINGS**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande verlies of skade nie.

4.1. Terwyl die vaartuig

4.1.1 vir ander doeleindes as privaat en ontspanning gebruik word;

4.1.2 uitgehuur of verhuur word of op ‘n huurvaart is;

4.1.3 op water op sleeptou geneem word, behalwe

4.1.3.1 indien hulp benodig word, of

4.1.3.2 vir gebruiklike sleep verbonde aan uit-die-vaart bedrywighede, montering van toebehore of herstelwerk;

4.1.4 ’n vaartuig sleep of berg, behalwe ’n vaartuig in nood;

4.1.5 ’n vaartuig sleep of berg (in nood of nie) volgens ’n kontrak aangegaan voordat met die sleep of berging begin is;

4.1.6 deelneem aan wedvaarte of spoedtoetse of enige proefvaarte in verband daarmee, of

4.1.7 onbewaak vasgemeer of geanker gelaat word by ’n onbeskutte strand of oewer en dit strand, sink, oorstroom raak of wegdryf, voortspruitend uit

4.2 jou gebrekkige versorging, of weens

4.3 slytasie, waardevermindering of verroesting, of

4.4 meganiese of elektriese onklaarraking van masjinerie, enjins, motor(e), batterye en batteryverbindings (behalwe die as en skroef), tensy as gevolg van eksterne oorsake wat nie andersins uitgesluit is nie.

4.5 Verlies van of skade aan maste, sparre, seile, stilstaande en lopende takelwerk, tydens die vaartuig se deelname aan ’n wedvaart, tensy sodanige verlies of skade veroorsaak is deurdat die vaartuig gestrand, gesink, gebrand, aan die brand geslaan of gebots of kontak gemaak het met enige eksterne stof (ys ingesluit), behalwe water;

4.6 aan enige gedeelte, uitsluitlik afgekeur weens ’n ontwerps- of konstruksiefout;

4.7 weens enige defek as gevolg van nalatigheid of kontrakbreuk ten opsigte van enige herstel- of opknappingswerk;

4.8 persoonlike besittings, verbruiksgoedere, hengelgerei of ankertoue;

4.9 aan die vaartuig, indien as huisboot of permanente woonplek gebruik;

4.10 weens diefstal van afgeblaasde opblaasbote, tensy gepaardgaande met kragdadige en gewelddadige betreding van die vaartuig of die stoorplek, of indien saam met die vaartuig gesteel. (’n Voertuig word nie volgens hierdie afdeling as ’n stoorplek beskou nie), of

4.11 as gevolg van brand of ontploffing van ’n vaartuig wat met ’n binneboordmasjien toegerus is, tensy die vaartuig ook met ’n outomatiese brandblusstelsel of ‘n stelsel wat by die stuurposisie beheer kan word, in die masjienkamer of enjinruim, tenkruimte en sloep toegerus is. Dit is gewaarborg dat enige brandblusstelsel behoorlik geïnstalleer en in werkende toestand in stand gehou word.

**5. AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE**

**5.1 Dekking voorsien**

Ons stel jou of enige persoon wat die vaartuig met jou toestemming gebruik of enige waterskiër wat deur die vaartuig gesleep word of gereed maak om gesleep te word, skadeloos teen alle bedrae, insluitend eiserskoste en uitgawes waarvoor jy regsaanspreeklik raak, ten opsigte van

5.1.1 dood of liggaamlike besering van enige persoon behalwe jyself of behalwe anders as gespesifiseer in Spesiale Uitsluitings 5.2.1 tot 5.2.7 hieronder;

5.1.2 verlies van of skade aan eiendom wat nie aan jou of die gemagtigde gebruiker behoort nie;

5.1.3 vlotmaking of poging daartoe, verwydering of vernietiging van die wrak van die vaartuig of enige versuim tot vlotmaking, verwydering of vernietiging van sodanige wrak;

5.1.4 jou uitgawes met ons vooraf skriftelike toestemming aangegaan in verband met amptelike ondersoeke en geregtelike lykskouings; en

5.1.5 regskoste met ons vooraf skriftelike toestemming aangegaan ter verdediging van enige regshandeling of betwisting van aanspreeklikheid, ongeag of sodanige regshandeling in die straf- of siviele hof voortgaan.

Ons aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie afdeling word beperk tot R1 000 000 ten opsigte van enige enkele eis of reeks eise voortspruitend uit een voorval.

**5.2 Spesiale uitsluitings van toepassing op aanspreeklikheid teenoor derde partye**

Ons stel jou of die gemagtigde gebruiker of waterskiër nie skadeloos teen eise voortspruitend uit regsaanspreeklikheid ten opsigte van

5.2.1 dood of liggaamlike besering van enige persoon wat in enige hoedanigheid by jou in diens in verband met die vaartuig is of soortgelyke diens verrig vir enige ander persoon wat die vaartuig met jou toestemming gebruik of vir enige waterskiër;

5.2.2 ongevalle voortspruitend uit enige persoon se betrokkenheid by sweefspronge of enige ander sweefsport terwyl deur die versekerde vaartuig gesleep of gereedgemaak word om daardeur gesleep te word of tot veilig terug aan boord van die vaartuig;

5.2.3 ongevalle terwyl die vaartuig in transito per meganies aangedrewe padvoertuig, per spoor, per skip of vliegtuig is;

5.2.4 dood of liggaamlike besering ten opsigte van betalende passasiers en verlies van of skade aan hul eiendom;

5.2.5 skadevergoeding of boetes voortspruitend uit ‘n kontrak;

5.2.6 boetes of ander bestraffings volgens enige statutêre kode of gemenereg opgelê ten opsigte van enige oortreding wat begaan is, of

5.2.7 dood of liggaamlike besering van enige persoon wat ’n skeepswerf, herstelwerf, sleephelling, seiljagklub, marina, verkoopsagentskap of soortgelyke onderneming bedryf of in sodanige persoon se diens en aan boord in die loop van sy/haar diens is nie.

**6. SPESIALE VOORWAARDES**

**6.1 Eerste Bedrag Betaalbaar**

Jy is verantwoordelik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui, ten opsigte van enige voorval wat tot ’n eis ten opsigte van die vaartuig aanleiding gee.

**6.2 Gebiedsgrense**

Ons is nie aanspreeklik vir verlies, skade, besering of aanspreeklikheid gely of aangegaan buite die gebiedsgrense van die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland en Zimbabwe nie, onderworpe aan ’n maksimum kruisafstand van 12 (twaalf) seemyl van die kuslyn van die Republiek van Suid-Afrika, Malawi, Zambië, Namibië of Mosambiek.

**6.3 Versorging van die vaartuig**

Jy moet alle redelike stappe neem om die vaartuig te beskerm en in ’n behoorlike seewaardige toestand in stand te hou.

**6.4 Vlot gelaat klousule**

Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan die vaartuig of teenoor enige derde party of vir bergingsdienste, veroorsaak deurdat die vaartuig gestrand, oorstroom, gesink of weggedryf het terwyl dit onbewaak vasgemeer of geanker gelaat is by ’n onbeskutte strand of oewer nie.

**6.5 Bevoegdheid**

Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade, besering of aanspreeklikheid veroorsaak, opgedoen of gely terwyl die vaartuig deur enige persoon wat onbevoeg is om sodanige vaartuig te loods, geloods word nie, tensy onder direkte toesig van 'n bevoegde persoon.

RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED

# AFDELING 10
# ELEKTRONIESE TOERUSTING

**WOORDOMSKRYWINGS**

Vir die doel van hierdie afdeling beteken **versekerde eiendom** elektroniese dataverwerkingstoerusting en ander verwante toebehore, soos in die bylae omskryf, wat aan jou persoonlik behoort.

**DEKKING VOORSIEN**

**1. ONS SKADELOOSSTELLING AAN JOU**

1.1 Indien die versekerde eiendom beskadig raak en deur 'n goedgekeurde hersteller herstel kan word, betaal ons die herstelkoste, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar of die versekerde bedrag, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar, wat ook al minder is.

1.2 Indien die versekerde eiendom gesteel en nie opgespoor word nie, verlore of sodanig beskadig raak dat dit nie ekonomies herstelbaar is nie, is die skadeloosstellingsbasis die vervangingskoste van 'n nuwe item van dieselfde of soortgelyke model met gelyke werkverrigting en/of kapasiteit, of indien dit onmoontlik is, vervanging daarvan deur nuwe eiendom met die naaste aan gelyke werkverrigting en/of kapasiteit as dié van die verlore of beskadigde eiendom, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar, beperk tot die versekerde bedrag, minus die Eerste Bedrag Betaalbaar, wat ook al die minste is, op voorwaarde dat

1.2.1 indien jy nie in staat of onwillig is om die versekerde eiendom te vervang, of versuim om dit binne ses (6) opeenvolgende maande na die datum van verlies of skade te vervang, is die betaalbare bedrag die markwaarde van die versekerde eiendom, soos onmiddellik voor die verlies of skade, of

1.2.2 indien die vervangingswaarde van die versekerde eiendom soos nuut ten tye van die verlies of skade die versekerde bedrag oorskry, is jy jou eie versekeraar vir die verskil en moet jy 'n eweredige gedeelte van die verlies of skade dra.

**2. VERSEKERDE VOORVALLE**

**2.1 Materiële skade:**

Werklike verlies van of skade aan die versekerde eiendom, soos in die bylae omskryf, voortspruitend uit enige oorsaak wat nie spesifiek uitgesluit is nie.

**2.2 Hersamestelling van data:**

Koste en uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan vir die hersamestelling van data en/of programme vasgelê op databergingsmedia wat verlore raak as gevolg van toevallige uitwissing of diefstal van hardeware.

**3. SPESIALE UITSLUITINGS**

Ons is nie aanspreeklik vir onderstaande nie.

3.1 Ten opsigte van materiële skade,

3.1.1 verlies of skade waarvoor voorsiening gemaak word volgens enige waarborg, instandhoudings- en/of bruikhuurooreenkoms;

3.1.2 verlies of skade veroorsaak

3.1.2.1 deur ongedierte of geleidelike agteruitgang;

3.1.2.2 gedurende enige skoonmaak- of opgraderingsproses;

3.1.2.3 deur konfiskasie of aanhouding weens enige regsproses, of

3.1.2.4 deur slytasie, ontwikkeling van swak kontakverbindings, krapmerke op geverfde of gepoleerde oppervlakke;

3.1.3 onderdele met 'n kort lewensduur, soos (maar nie beperk nie tot) katodestraalbuise, gloeilampe, smeltdrade, of weggooibare bufferstroombane. Indien sodanige onderdele beskadig raak as gevolg van skade aan ander onderdele, stel ons jou skadeloos teen die reswaarde van hierdie onderdele;

3.1.4 versekerde eiendom wat uit 'n onbewaakte motorvoertuig verlore raak, tensy

3.1.4.1 dit verberg was in 'n toegesluite bagasiebak of kompartement wat deel vorm van 'n toegesluite voertuig, gepaardgaande met kragdadige en gewelddadige toegang tot die voertuig, of

3.1.4.2 jy in die geval van kragdadige en gewelddadige toegang tot die voertuig die eerste 20% (minimum R250) van enige eis betaal

3.1.5 gebruiksverlies of ander gevolglike verlies, skade of aanspreeklikheid van enige aard hoegenaamd, of

3.1.6 die Eerste Bedrag Betaalbaar ten opsigte van enige eis, soos in die bylae aangedui. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien jy volgens par 3.1.4.2 hierbo vir die eerste 20% (minimum R250) aanspreeklik is nie.

3.2 Ten opsigte van hersamestelling van data:

3.2.1 Toevallige uitwissing veroorsaak deur programfoute, virusse, foutiewe invoer of toevallige kansellasie of korruptering van data;

3.2.2 meer as R5 000 vir enige enkele voorval of reeks voorvalle, vloorstpruitend uit een voorval, of

3.2.3 die Eerste Bedrag Betaalbaar, soos in die bylae aangedui.

# AFDELING 11 UITGEBREIDE PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID

**WOORDOMSKRYWING**

**Onderliggende versekering** beteken 'n bestaande versekeringspolis, van krag volgens:

1. 'n Geregistreerde Suid-Afrikaanse, Namibiese of Botswana-versekeraar, wat een of meer van onderstaande dek.
   Persoonlike aanspreeklikheid
   Huiseienaarsaanspreeklikheid
   Huurdersaanspreeklikheid
   Motorvoertuigaanspreeklikheid
   Watervaartuigaanpreeklikheid.
2. Enige versekeraar ter wêreld, wat een of meer van onderstaande dek.
   Motorvoertuigaanspreeklikheid
   Watervaartuigaanspreeklikheid
   Huiseienaarsaanspreeklikheid,

ten opsigte van enige motorvoertuig deur jou gehuur, gebruikhuur of in jou besit, of enige watervaartuig in jou besit, buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië of Botswana

**OMSKRYWING VAN VOORVALLE**

**1. OMVATTENDE REGSAANSPREEKLIKHEID**

Ons stel jou skadeloos volgens die skadeloosstellingsperk, soos in die bylae aangedui, teen alle bedrae waarvoor jy gedurende die versekeringstydperk regsaanspreeklik raak ten opsigte van 'n voorval enige plek ter wêreld, maar nie ten opsigte van enige uitspraak, toekenning, betaling of vereffening, gemaak binne lande wat kragtens wetgewing van die Verenigde State van Amerika of Kanada optree (of volgens enige bevel wat op enige plek ter wêreld uitgevaardig word om sodanige uitspraak ten volle of gedeeltelik af te dwing) nie, in soverre dat sodanige aanspreeklikheid nie skadeloos gestel kan word

1.1 volgens die versekeringsklousule en/of versekerbare voorvalle klousule en/of bedryfsklousule of enige onderliggende versekering nie, of

1.2 as gevolg van enige uitsluiting in enige onderliggende versekering nie, of

1.3 sodanige aanspreeklikheidsbedrag die onderliggende versekeringsperk oorskry en die onderliggende versekeraar aaanspreeklikheid aanvaar of betaal het, of aanspreeklik gehou is vir die volle bedrag van sodanige beperking, wat vir die doel van hierdie polis beskou word as 'n minimum van R500 000, of R1 000 000 ten opsigte van motorvoertuig- en/of watervaartuigaanspreeklikheid.

**2. SKADELOOSSTELLINGSPERK**

Die betaalbare bedrag, insluitend enige regsgelde van jou verhaalbaar deur 'n eiser(s) en alle ander koste en utigawes met ons toestemming ten opsigte van enige voorval of reeks voorvalle vootspruitend uit dieselfde oorspronklike voorval, aangegaan, mag nie die skadeloosstellingsperk, soos in die bylae aangedui, oorskry nie.

**SPESIFIEKE UITSLUITINGS**

Ons stel jou nie skadeloos ten opsigte van aanspreeklikheid voortspuitend uit

1. of in die loop van jou werk of beroep nie, insluitend, maar nie beperk tot die verkoop van enige goedere of lewering van enige diens teen betaling, vergoeding of weens enige ander oorweging nie;
2. enige huur en/of verhuring van enige vaste of los eiendom of gedeelte daarvan teen betaling, vergoeding of weens enige ander oorweging, of
3. vir die eerste R5 000 van enige eis in verband met eiendom deur jou gehuur, gebruikhuur of geleen;
4. voortspruitend uit jou roekelose verontagsaming van die moontlike gevolge van jou optrede of versuim,
5. (i) van een versekerde aan 'n ander, of
   (ii) aan enige voormalige versekerde ten opsigte van 'n voorval tydens enige tydperk wat sodanige versekerde 'n versekerde was;
6. voortspruitend uit enige verlies van of skade aan eiendom vir soverre sodanige aanspreeklikheid deur enige ander versekeringspolis skadeloos gestel kan word;
7. voortspruitend uit eienaarskap of gebruik van enige lugvaartuig, behalwe modelvliegtuie en sweeftuie;
8. onderworpe aan statutêre of soortgelyke wetgewing oor die beheer van motorvoertuig- en sleepwagebruik, asook aanspreeklikheid, ten opsigte waarvan
   (i) jy verplig is om versekering uit te neem of sekuriteit te verskaf, of
   (ii) indien die staat of enige ander regeringsliggaam of owerheid verantwoordelikheid aanvaar;

9. teen enige eis ten opsigte van motorvoertuigaanspreeklikheid, tensy sodanige aanspreeklikheid deur enige onderliggende versekering skadeloos gestel kan word, behalwe enige eis wat slegs weens gebiedsgrense uitgesluit word;
10. teen enige eis ten opsigte van watervaartuigaanspreeklikheid,
    (i) tensy sodanige aanspreeklikheid deur enige onderliggende versekering skadeloos gestel kan word, behalwe enige eis wat slegs weens gebiedsgrense uitgesluit word, of
    (ii) indien die totale lengte van die watervaartuig 10.5m oorskry;
11. teen verlies van of skade aan enige selfaangedrewe landvoertuig, sleep- of woonwa, water- of lugvaartuig in jou sorg of bewaring of onder jou beheer;
12. voortspruitend uit enige oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige optrede of aanranding of verleiding deur jou gepleeg;
13. teen die betaling van enige boete of veelvuldige bestraffende skadevergoeding, of voortspruitend uit gelikwideerde skadevergoedings- of boeteklousules of prestasiewaarborge, behalwe indien bewys kan word dat aanspreeklikheid in die afwesigheid van sodanige klousules of waarborge, in elk geval van toepassing sou gewees het;
14. teen enige skuld;
15. versuim om enige onderhoud of enige bedrae na die verbreking van ‘n belofte te betaal;
16. voortspruitend uit die aankoop, verkoop of uitruil van enige los of vaste eiendom, of jou versuim om enige verpligte ten opsigte daarvan na te kom;
17. ten opsigte van die eerste R2 000 van enige eis voortspruitend uit die opskorting of beëindiging van die diens van enige huishoudelike werknemer;
18. voortspruitend uit enige gesondheidstoestand wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of geassosieer word met die Menslike Immuniteitsgebreksindroom (MIV) of die mutante, derivate of variante daarvan, of op enige wyse verwant is aan Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (HIV), of enige soortgelyke sindroom, wat dit ook al genoem word, of
19. regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of voortspruitend uit die radio-aktiewe, toksiese, ontvlambare of ander gevaarlike bestanddele van enige plofbare samestelling of kernkomponent daarvan.

**SPESIFIEKE VOORWAARDES**

1. Skadeloosstelling volgens hierdie afdeling is voorwaardelik, op voorwaarde dat ‘n geldige onderliggende polis ten tye van die voorval van krag is wat dekking bied ten opsigte van die tipe aanspreeklikheid waarvoor skadeloosstelling dienooreenkomstig verlang word en dat jy nie die voorwaardes van sodanige onderliggende versekering verbreek het nie.
2. Hierdie afdeling is onderworpe aan wetgewing van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië en Botswana en die howe van hierdie lande het uitsluitlike jurisdiksie in enige dispuut tussen jou en ons.
3. Skriftelike kennisgewing van enige voorval wat tot ‘n eis volgens hierdie afdeling aanleiding kan gee, asook enige verdere inligting wat ons redelikerwys verlang, moet so gou moontlik aan ons verskaf word. Elke eis, lasbrief, dagvaarding of prosesstuk en verwante dokumente moet so gou moontlik vir ons aangestuur word. Jou onwetende versuim om ons van bogenoemde kennis te gee, aangesien jy nie redelikerwys kon voorsien het dat die voorval tot ‘n eis volgens hierdie afdeling aanleiding sou kon gee nie, word nie as nie-nakoming van hierdie voorwaarde beskou nie.
4. Ten opsigte van enige eis wat nie minstens gedeeltelik deur onderliggende versekering gedek word nie, kan ons beheer oorneem en na goeddunke optree in die hantering van enige geregtelike prosedure en skikking van enige eis en dit namens jou tot ons eie voordeel bestuur. Jy moet ons van alle nodige inligting en hulp deur ons vereis, voorsien.
5. Volgens hierdie afdeling is skadeloosstelling ten opsigte van syferwater, besoedeling of besmetting wat nie deur skielike, onvoorsiene, onopsetlike en onverwagse voorvalle veroorsaak word nie, beperk tot hoogstens R250 000, tydens enige 12 (twaalf) maande versekeringstydperk.
6. In die geval van ‘n eis ten opsigte waarvan ons vir die maksimum betaalbare bedrag volgens enige item aanspreeklik is, word die volle bedrag vir uitstaande paaiemente ten opsigte van sodanige item tot aan die einde van die heersende versekeringstydperk, van die betaalbare bedrag afgetrek.
7. Alle betalings ten opsigte van hierdie afdeling word in dieselfde geldeenheid as die premiebetalings gemaak.
8. Ons kan ten opsigte van enige voorval die maksimum skadeloostellingsperk aan jou betaal (minus enige bedrag of bedrae wat reeds betaal is), of enige mindere bedrag vir skikking van die eis(e) en ons aanvaar daarna geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige voorval nie.
9. Geen erkenning, aanbod, belofte of betaling ten opsigte van ‘n eis mag volgens hierdie afdeling deur of namens jou sonder ons skriftelike toestemming gemaak word nie. Jy moet alle nodige voorsorgmaatreëls tref om te verseker dat die onderliggende versekeraar(s) aan hierdie voorwaardes voldoen en met ons saamwerk ter verdediging en skikking van enige eis wat deur sowel hierdie afdeling as die onderliggende versekering skadeloos gestel word, asook die uitoefening van enige regres (vervangingsregte). Die koste aangegaan ter uitoefening van sodanige regte, asook enige bedrae wat volgens die bedrae betaal (of betaalbaar) volgens die onderskeie polisse verhaal word, word onder alle partye verdeel.

# AFDELING 12
# BYBETALINGS AFKOOPPOLIS

**OMSKRYWING VAN VOORVALLE**

Hierdie polis

1. betaal jou basiese of standaard motorvoertuigbybetaling en verminder die bykomende bybetaling (indien enige) ten opsigte van diefstal en kaping, na sodanige voorval; en
2. is voorwaardelik tot en afhanklik van die bestaan van ‘n omvattende onderliggende motorvoertuigpolis en onderworpe aan die algemene voorwaardes, uitsluitings en woordomskrywings daarvan, tensy spesifiek anders aangedui.

Indien ons jou eis volgens die omvattende onderliggende motorvoertuigpolis om watter rede ook al van die hand wys, is geen dekking volgens hierdie polis van krag nie.

**SKADELOOSSTELLINGSPERK**

1. Die bybetalingsafkooppolis dek
   - 1.1 die basiese of standaard bybetaling, hoogstens beperk tot ‘n maksimum van 5% van die bedrag geëis of die minimum basiese bybetaling, wat ook al groter is; en
   - 1.2 ten opsigte van ‘n bykomende diefstal- of kapingsbybetaling (indien enige) vir sodanige voorval, ‘n bykomende maksimum perk van 5% van die bedrag geëis of die minimum basiese bybetaling, wat ook al groter is, op voorwaarde dat

     indien die minimum bybetaling ten opsigte van 1.1 of 1.2 hierbo R2 500 oorskry, sodanige minimum bybetaling(s) tot R2 500 elk beperk word.
2. Die afkooppolisdekking is afhanklik van ‘n geldige en goedgekeurde eis volgens die onderliggende polis.
3. Die maksimum perk vir die afkooppolisdekking is R30 000.

**SPESIALE VOORWAARDES**

1. Die versekeringstydperk geld vanaf die aanvangsdatum van die polis tot die laaste dag van die kalendermaand waarin die aanvangsdatum voorkom. Daarna is die versekeringstydperk gelykstaande met een kalendermaand.
2. By ontvangs van die maandelikse premie op die eerste werksdag van elke kalendermaand word die polis outomaties deur Renasa hernu. Indien die premie nie teen die sperdatum of binne 15 (vyftien) dae daarna ontvang word nie, word die polis op die laaste dag van die maand waartydens die premie ontvang is as gekanselleer beskou.

   Die sperdatum val op die eerste dag van elke kalendermaand.
3. Jy moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref vir die onderhoud en beveiliging van die versekerde eiendom, asook om verlies of skade te voorkom of tot die minimum te beperk.
4. Ons kan beperkings en wysigings in die poliskontrak aanbring, na 30 (dertig) skriftelike kennisgewing daarvan aan jou by jou laaste kontakadres volgens ons rekords.
5. Jy kan die polis of enige gedeelte daarvan te eniger tyd kanselleer, of indien ons jou 30 (dertig) dae skriftelik kennis gee daarvan by jou laaste kontakadres volgens ons rekords.
6. Hierdie dekking geld slegs indien die versekerde voertuig/voertuie te alle tye omvattend verseker is. Geen eis(e) word deur ons geskik indien ons jou eis van die hand wys nie.
7. Hierdie polis en die skedule is die kontrak tussen Renasa Versekeringsmaatskappy Beperk (die versekeraar) en jou (die versekerde).
8. Indien ‘n eis wat volgens hierdie polis betaalbaar is, ook volgens ‘n ander polis betaalbaar is, betaal ons slegs ‘n eweredige gedeelte van die eis.

**EISEPROSEDURE**

1. In die geval van ‘n voorval wat tot ‘n eis aanleiding kan gee, moet jy ons binne 30 (dertig) daarvan in kennis stel, asook volle besonderhede

van enige ander polis wat dieselfde voorval dek, skriftelik aan ons verskaf, tesame met volle besonderhede van die toepaslike omvatte polis wat jou voettuig/voertuie ten tye van die voorval verseker.

2. Enige voorval waarby diefstal of enige ander kriminele daad of verlies betrokke is, moet onmiddellik aan die polisie gerapporteer word.

**Ons regte na ‘n voorval wat tot ‘n eis aanleiding kan gee**

1. Ons behou die reg voor om bedrae wat verhaal is, te bevestig, asook om die volledigheid van alle dokumentasie na te gaan.
2. In die geval van ‘n dispuut of wanvoorstelling word ons besluit as finaal beskou.
3. Na jou skadeloosstelling verwag ons van jou om alle nodige of redelike stappe te neem, ten einde ons in staat te stel om ons regres (vervangingsregte) uit te oefen.

**Bedrieglike of opsetlike optrede**

Volgens hierdie polis word alle regte tot skadeloosstelling onder onderstaande omstandighede verbeur.

1. Indien ‘n eis in enige opsig bedrieglik is, of indien enige bedrieglike metodes deur jou of namens jou aangewend word ten einde enige voordeel uit hierdie polis te trek.
2. Indien ‘n eis enigsins die gevolg van opsetlike optrede deur jou of met jou medewete is.
3. Indien inligting in verband met ‘n eis onwaar is.

**UITSLUITINGS**

Die bybetalingsafkooppolis dek nie onderstaande nie.

1. Voorruit- of ruitglasbybetalings
2. Enige bybetaling betaalbaar volgens enige polisuitbreiding (bv Verlies van sleutels uitbreiding)
3. Vrywillige bybetalings
4. Nie-motor bybetalings
5. Enige bybetaling, indien die onderliggende versekeraar jou skadeloosstellingseis van die hand wys
6. Strafbare of bykomende bybetalings van enige aard (bv bestuurdersouderdombybetaling, lisensie-tipe bybetaling, ens)
7. Enige bybetaling, indien die verlies of skade nie R2 500 oorskry nie

.

RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED

# AFDELING 13
# AANVANGSWAARDE POLIS

**WOORDOMSKRYWINGS**

1. **Ons**: Renasa Versekeringsmaatskappy Beperk (die versekeraar).
2. **Jy/jou**: die versekerde.
3. **Aanvangswaarde**: die kleinhandelswaarde by die aanvang van hierdie polis by ons.
4. **Kleinhandelswaarde**: soos bepaal volgens Mead & Mc Grouther se publikasie, die "Auto Dealers' Digest".
5. **Verskuldigde balans**: die balans deur jou aan 'n finansieringsinstelling verskuldig ten tye van die verlies, minus enige
   - 5.1 enige agterstallige paaiemente en rente ten tye van die verlies;
   - 5.2 kortings waarop jy geregtig sou wees, indien jy die lening afbetaal het ten tye van die verlies, of
   - 5.3 terugbetalings aan jou of die finansieringsinstelling(s) verskuldig.
6. **Voertuig**: beperk tot 'n kode 1 of kode 2-voertuig, soos volgens die Padverkeersregulasies van Suid-Afrika.

**SKIKKING VAN EISE**

Indien jou voertuig 'n algehele verlies is (dus gesteel, gekaap of afgeskryf), skik ons jou eis soos volg:

**1.** **Indien die voertuig gefinansier word**, betaal ons jou finansieringsinstelling (enige reswaardebalans word aan jou betaal) die grootste van

- 1.1 jou verskuldigde balans ten tye van die verlies, of
- 1.2 die kleinhandelswaarde ten tye van die aanvangsdatum van hierdie polis, minus die kleinhandelswaarde ten tye van die verlies, minus enige bybetalings volgens hierdie polis.

**2.** **Indien die voertuig nie gefinansier word nie**, betaal ons jou die aanvangswaarde, minus

- 2.1 die kleinhandelswaarde ten tye van die verlies, of
- 2.2 enige bybetalings volgens hierdie polis.

**3.** **Die Aanvangswaardepolis betaal jou nie**,

- 3.1 indien jou omvattende onderliggende versekering van die hand gewys of verwerp word;
- 3.2 indien jou omvattende onderliggende versekeringspolis nietig verklaar of gekanselleer word nie, of
- 3.3 vir enige bedrae betaalbaar deur jou ten opsigte van die omvattende onderliggende versekering, asook hierdie versekeringspolis (insluitend, maar nie beperk tot verskuldigde premies en die toepaslike bybetalings nie).

**SPESIFIEKE BEPALINGS EN VOORWAARDES**

Onderstaande bepalings en voorwaardes is op alle aspekte van jou Aanvangswaardepolis van toepassing.

**1.** **Vergewis jouself van die inhoud van onderstaande komponente van die Aanvangswaardepolis**

- **1.1** Polisdokumente
- **1.2** Bepalings en voorwaardes van ons versekering
- **1.3** Die bylaes
- **1.4** Alle korrespondensie aan jou
- **1.5** Enige opgetekende mondeling ooreenkomste.

**2.** **Wysigings aan en kansellasie van die Aanvangswaardepolis**

Wysigings aan en kansellasie van die Aanvangswaardepolis geskied soos volg:

- **2.1** Deur jou 30 (dertig) dae skriftelik kennis te gee (elektronies, per faks of pos by jou laaste bekende adres).

**2.2** Enige veranderinge aan of kansellasie van die polis geld vanaf die tyd en datum, soos ooreengekom.

**2.3** Indien jy jou polis tydens die verloop van ‘n versekerde maand kanselleer, betaal ons nie die premies wat jy vir die res van die maand betaal het, terug nie.

**3. Premiebetalings**

Indien jou versekeringspolis gekanselleer word as gevolg van nie-betaling van premies, word jou dekking beëindig.

**4. Herstel van die gekanselleerde polis**

Indien jou versekeringspolis as gevolg van die nie-betaling van premies gekanselleer word (jou omvattende dekkings- of aanvangswaardepremie), word die Aanvangswaardepolis, ongeag daarvan dat jou omvattende polis herstel kan word, nie herstel nie, maar dit kan heruitgereik word vanaf die datum waarop jy herstel aangevra het, en die waarde is dan gelyk aan die aanvang van die vervangde Aanvangswaardepolis.

**5. Bybetalings deur jou betaalbaar elke keer wat jy eis**

**5.1 Basiese bybetaling**:

Van jou word vereis om ‘n basiese bybetaling te maak, elke keer wat jy ‘n eis instel.

**5.2 Bykomende bybetalings**:

Indien van toepassing, word ook van jou vereis om behalwe die basiese bybetaling, ook bykomende bybetalings te maak, soos in die polisbylae aangedui.

**6. Verteenwoordiging en regsprosesse: eise betwis en/of van die hand gewys**

Indien ons die geldigheid van jou eis betwis of dit van die hand wys, kan jy binne 90 (neëntig) opeenvolgende dae skriftelik vertoë tot ons rig en daarna binne 180 (honderd-en–tagtig) opeenvolgende dae ‘n regsgeding teen ons aanhangig maak. Indien dit nie gedoen word nie, aanvaar ons geen verdere aanspreeklikheid vir die eis nie.

**7. Ons bydrae tot tweevoudige of veelvoudige versekeringsdekking**

Indien die item ten opsigte waarvan jy ‘n eis by ons instel, deur meer as een versekeringspolis gedek word, betaal ons jou slegs ons belasbare gedeelte van die risiko.

**8. Geen eise word betaal vir opsetlike en bedrieglike dade nie**

Ons betaal jou nie vir

8.1 bedrieglike eise, of

8.2 verlies, skade of besering voortspruitend uit jou, of ‘n lid van jou huishouding, of enigiemand wat namens jou, of met jou medewete of goedkeuring optree, se opsetlike dade nie.

## AFDELING 14
## MOTOR HUUR

**ALGEMENE BEDRYFSKLOUSULE**

Indien jou omvattend versekerde voertuig verlore of beskadig raak, onderneem ons om jou by ontvangs van die premie, soos in die bylae aangedui, te voorsien van ‘n gehuurde voertuig, volgens die groep in die bylae aangedui van ‘n motorhuuragentskap deur ons genomineer, vir ‘n maksimum tydperk van 30 (dertig) dae, onderworpe aan onderstaande bepalings en voorwaardes.

**VERSEKERDE VOORVALLE**

Indien jou omvattend versekerde voertuig waarvoor motorhuurversekering goedgekeur is, in ‘n ongeluk betrokke raak of ‘n algehele verlies is, voorsien ons jou van ‘n gehuurde motor vir ‘n maksimum tydperk van 30 (dertig) dae, of tot jou eis geskik is, wat ookal vroeër plaasvind, op voorwaarde dat

1. ‘n eisvorm en lisensiedokument aan ons verskaf word;
2. die voertuig vir herstelwerk by ‘n goedgekeurde paneelklopper vir herstelwerk besorg word;
3. indien jy ‘n beperkte motorhuurpolis het, jy slegs motorhuurdekking geniet as jou motor ‘n algehele verlies is; en
4. die gehuurde motor aan die genomineerde motorhuuragentskap terugbesorg word sodra jy na herstelwerk daaraan, besit geneem het van jou voertuig, of indien jou eis na ‘n algehele verlies geskik is, maar nie later as 24 (vier-en-twintig) uur nadat jy in kennis gestel is van die voltooide herstelwerk aan jou voertuig of die skikking van jou eis nie.

**SPESIFIEKE VOORWAARDES**

1. Jy moet alle dokumentasie, soos deur die motorhuuragentskap ten tye van die aflewering of afhaal van die gehuurde voertuig vereis, onderteken.
2. Jy moet ‘n brandstofdeposito aan die genomineerde motorhuuragent verskaf deur ‘n kredietkaart- of kontantbetaling te maak, voordat die gehuurde voertuig deur hom/haar oorhandig word.
3. Jy moet ‘n ontvangsbewys teken dat jy die gehuurde voertuig met ‘n vol brandstoftenk ontvang het. Die voertuig moet met ‘n vol brandstoftenk aan die genomineerde motorhuuragent terugbesorg word. Indien die voertuig sonder ‘n vol brandstoftenk terugbesorg word, is jy verantwoordelik vir die volle hervullingskoste en jou deposito word dan vir die hervulling gebruik. Indien die gehuurde voertuig met ‘n vol brandstoftenk terugbesorg word, word jou volle deposito terugbetaal.
4. Indien jy versuim om aan hierdie bepalings te voldoen, word die gebruik van die gehuurde voertuig beperk tot ‘n tydperk, soos deur ons bepaal.
5. Hierdie polis is nie oordraagbaar nie.
6. Indien jou eis ten opsigte van jou voertuig nie deur ‘n omvattende motorvoertuigversekeringspolis gedek word ten tye van ‘n eis nie, geniet jy geen dekking volgens hierdie polis nie.
7. Indien jy enige bepalings en voorwaardes in hierdie polis vervat, nie nakom nie, is jy verantwoordelik vir onmiddellike betaling van die vereiste daaglikse huurgelde, hervullingskoste, kilometerheffings en versekering aan ons ten gunste van die genomineerde motorhuuragentskap.
8. Die gebruiksvoorwaarde van die gehuurde voertuig is onderworpe aan die bepalings en voorwaardes van die genomineerde motorhuuragent, vir soverre dit van toepassing is, en jy erken dat jy van ‘n kopie daarvan voorsien is.
9. Indien ons jou omvattende motorvoertuigeis na jou huur van ‘n voertuig van die hand wys, is jy verantwoordelik vir alle motorhuurkoste en moet jy ons dienooreenkomstig terugbetaal vir enige bedrae wat ons vir die huur van die voertuig betaal het.
10. Die gehuurde motor mag slegs deur ‘n persoon met ‘n geldige, ongeëndosseerde rybewys, soos met die motorhuuragent ooreengekom, bestuur word.
11. Die gehuurde motor mag nie buite die gebiedsgrense van die Republiek van Suid-Afrika bestuur word nie, tensy vooraf skriftelik deur ons goedgekeur.

12. Ons is nie aanspreeklik vir enige eis voortsptuitend uit wanvoorstelling, onjuiste beskrywing of verswyging van enige feit of omstandighede nie.

13. Ons is nie aanspreeklik vir meer as ons belasbare gedeelte van enige verlies of eis wat deur ‘n ander geldige versekeringspolis gedek word nie.

**EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

Jy is verantwoordelik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar ten opsigte van elke enkele voorval wat tot ‘n eis vir verlies of skade aan die gehuurde voertuig aanleiding gee, die bedrag waarvan deur die genomineerde motorhuuragentskap aan jou bekend gemaak sal word.

**EISEPROSEDURE**

In die geval van ‘n eis as gevolg van ‘n versekerde voorval tydens die versekeringstydperk, moet jy so gou moontlik na die indiening van die eis met jou plaaslike Renasa-kantoor in verbinding tree.

Die genomineerde motorhuuragentskap sal so gou moontlik nadat jou eis deur ons goedgekeur is, met jou reëlings tref vir die afhaal of terugbesorging van die gehuurde voertuig.

Jy of jou gemagtigde makelaar moet die motorhuuragentskap van onderstaande besonderhede voorsien.

1. Jou naam en kontakbesonderhede
2. ‘n Kopie van jou identiteitsdokument en jou geldige, ongeëndosseerde rybewys
3. Jou polisnommer
4. Die eisnommer (uitgereik deur die onderliggende motorvoertuigversekeraar)
5. Die naam van die versekeraar van die onderliggende motorvoertuigpolis
6. Besonderhede van die motor betrokke by die versekerde voorval
7. Besonderhede van die voorval(le) wat tot ‘n eis aanleiding gee.

Jy moet enige skade of verlies ten opsigte van die gehuurde motor binne 24 (vier-en-twintig) uur na die voorval aan die administrateurs van die genomineerde motorhuuragentskap rapporteer.

**SASRIA BEPERK**

**Reg. Nr. 1979/00287/06**

**KOEPONPOLIS VIR VERSEKERING TEEN SPESIALE RISIKO'S**

**DIE POLIS**

As teenprestasie vir die voorafbetaling van die premie wat in die skedule genoem word en die ontvangs deur of namens SASRIA Beperk (hierna verwys as "SASRIA") en onderworpe daaraan dat die versekeraar se polis op die effektiewe datum wat in die Skedule genoem word, van krag en geldig is, sal SASRIA deur betaling of na sy keuse deur vervanging of herstel die versekerde gedurende die Versekeringstydperk skadeloos stel tot 'n bedrag van hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van elke item en hoogstens inn totaal gedurende die genoemde Versekeringstydperk soos in die onderstaande voorbehoudsbepaling vermeld word, wat ook al die minste is teen verlies van of skade aan die eiendom wat regstreeks betrekking het op of veroorsaak is deur:

(i) enige optrede (hetsy ten behoewe van enige organisasie, liggaam of persoon, of groep persone wat daarop bereken of gerig is om enige Staat of regering, of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld omver te werp of te beïnvloed.

(ii) enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige Staat of regering, enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem.

(iii) enige oproer, staking of openbare onlus, of enige daad of handeling wat tot gevolg het of daarop gemik is om oproer, staking of openbare onrus te veroorsaak.

(iv) enige poging tot optrede wat in klousule (i), (ii) of (iii) hierbo genoem word.

(v) eie optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in klousule (i), (ii), (iii) of (iv) hierbo verwys word.

**LET WEL**:
In hierdie Koeponpolis word daar geag dat die term "openbare onrus" burgerlike oproer, arbeidsonluste of uitsluitings insluit.

**MET DIEN VERSTANDE DAT**:
Nieteenstaande enigiets strydigs waar Een Versekerde deur een of meer lopende en geldige versekering verseker is (behalwe Kontrakwerke en/of Konstruksietoerusting en/of Motor) wat deur of namens SASRIA uitgereik is, die globale aanspreeklikheid van SASRIA ingevolge al sodanige versekerings gedurende 'n kalenderjaar beperk word tot die totaal van die versekerde bedrae van genoemde versekerings of R300 000 000 wat ook al die minste is ten opsigte van Een Versekerde waar die versekerde eiendom in die Republiek van Suid-Afrika is.
**Vir hierdie doel beteken "Een Versekerde"**
Enige Enkele Een Versekerde of 'n beheermaatskappy en al sy filiale (soos uitsluitlik in die Maatskappywet, 1973, bedoel).
In geval van Een Versekerde, behalwe maatskappy, behou SASRIA hom die reg voor om te bepaal wie vir hierdie doel Een Versekerde is.
**VERDER MET DIEN VERSTANDE dat hierdie versekering nie die volgende dek nie**:

(a) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van welke aard ook al behalwe verlies van huurgeld indien dit spesifiek verseker is, wat beperk word tot 'n tydperk van hoogstens dit wat nodig is om die gebou verhuurbaar te maak.

(b) verlies of skade wat uit algehele of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging, onderbreking of stilstand van enige proses of bedryf voortvloei.

(c) verlies of skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming wat uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid voortvloei.

**UITSLUITING: KERN/CHEMIESE/BIOLOGIESE TERREUR**
Dit word aanvaar dat ondanks enige bydraende faktore, hierdie versekering nie die verliese as gevolg van of bydrae deur 'n daad van terreur wat behels die gebruik van of dreigement van die gebruik van enige kernwapen of apparaat of chemikalieë of biologiese agent sal dek nie.
Vir die doel van hierdie uitsluiting beteken 'n "daad van terreur", 'n daad, insluitende maar nie beperk tot die gebruik van geweld en/of dreigement daarvan, of enige persoon of enige groep persone wat alleen werk of namens of in samewerking met 'n organisasie of regering verbonde aan politiese, godsdienstige, ideologiese, of persoonlike doele of redes insluitende die doel om enige regering te beïnvloed en/of die publiek of enige

gedeelte van die publiek te laat vrees.
As dit beweer word dat by enige uitsluiting 'n verlies nie gedek is deur hierdie koepon/polis nie, die verantwoordelikheid om die teenoorgestelde te bewys by die persoon wat verseker is, lê.

**SPESIALE VOORWAARDES**

1. Dit is 'n opskortende voorwaarde vir enige aanspreeklikheid dat wanneer 'n gebeurtenis plaasvind wat tot 'n verlies ingevolge hierdie koeponpolis aanleiding gee, die Benoemde Versekeraar se polis van krag is wat die Versekerde se belang by al die eiendom wat deur hierdie koeponpolis verseker word teen verlies of skade deur brand dek.
2. Al die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat op die Benoemde Versekeraar se polis van toepassing is, behalwe
   (a) uitsonderings 13.3(A) 13.3.1, 13.3.3(b), 13.3.4, 13.3.5 en 13.3.6 in dié mate dat 13.3.7 na 13.3.1, 13.3.3(b), 13.3.4, 13.3.5 en 13.3.6 verwys; en
   (b) die bewyslasklousule in uitsondering 13.3(A) in dié mate dat sodanige klousule verwys na die Uitsonderings wat in (a) hierbo genoem word; en
   (c) enige bybetaling, aftrekbare bedrag of soortgelyke betaling wat ingevolge die Benoemde Versekeraar se polis deur die Versekerde betaal moet word, word geag in hierdie koeponpolis vervat te wees en moet as opskortende voorwaarde vir enige aanspreeklikheid ingevolge hiervan dienooreenkomstig op die Versekerde betrekking hê en deur hom/haar nagekom word.

**MEMORANDUM**

Die verwysing na Uitsonderings 13.3(A) 13.3.1, 13.3.3(b), 13.3.4, 13.3.5, 13.3.6 en 13.3.7 en na die Bewyslasklousule in Uitsondering 13.3 (A) is die verwysing na dié Uitsonderings soos hulle voorkom in die Standaard SAIA-uitsonderings wat die Benoemde Versekeraar verplig is om in sy/haar/hulle polis in te sluit. Indien die nommers in die Benoemde Versekeraar se polis nie met die nommers van die Standaard SAIA-uitsonderings ooreenstem nie, is die verwysings hierbo mutatis mutandis op die ooreenstemmende Uitsonderings in die Benoemde Versekeraar se polis van toepassing.

1. indien die eiendom wat ingevolge die aangehegte Skedule verseker word by die aanvang van enige vernietiging van of skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar wat hierdeur verseker word gesamentlik van groter waarde is as die totale versekerde bedrag wat hierin vermeld word, word die Versekerde as sy/haar eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy/sy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.
2. enige Premie-aanpassingsklousule of –voorwaarde in die Benoemde Versekeraar se polis is nie op hierdie Koeponpolis van toepassing nie.
3. geen verandering van hierdie Koeponpolis is geldig tensy dit deur 'n direkteur van SASRIA onderteken is nie.
4. enige Herstellingswaardevoorwaardes in die Benoemde Versekeraar se polis is, in soverre dit op motorvoertuie betrekking het, nie op hierdie koeponpolis van toepassing nie.
5. die dekking wat deur hierdie koeponpolis geniet word, is van toepassing op eiendom wat in die Republiek van Suid-Afrika geleë is.

**SASRIA BEPERK**

**Reg. Nr. 1979/00287/06**

**MOTORVERSEKERINGSPOLIS VIR SPESIALE RISIKO'S**

**ten opsigte van eiendom soos omskryf**

**DIE POLIS**

**WOORDOMSKRYWINGS**

Waar die uitdrukking "SASRIA" ook al gebruik word, verwys dit na SARIA Beperk.
Waar die woord "eiendom" ook al gebruik word, word dit geag te beteken enige motor of ander voertuig, sleepwa, implement of masjien van enige beskrywing vir 'n bepaalde werksdoel, met of sonder selfaandrywingsvermoë, wat op enige pad bestuur of gesleep kan word, en enige bybehore of onderdele onderwyl hulle daaraan is.
NADEMAAL die Versekerde die premie wat in die skedule van hierdie polis gemeld word (welke skedule 'n integrale deel van hierdie polis uitmaak) aan SASRIA betaal het as teenprestasie vir die versekering wat hierin vervat word ten opsigte van verlies of skade wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind wat in die skedule van die polis gemeld word.
DERHALWE verklaar hierdie polis, onderworpe aan die bepalings, uitsonderings en voorwaardes wat hierin vervat word, dat SASRIA die versekerde skadeloos stel teen verlies van of skade aan die eiendom wat in die skedule beskryf word wat regstreeks betrekking het op of veroorsaak is deur:

(i) enige optrede (hetsy ten behoewe van enige organisasie, liggaam of persoon, of groep persone) wat daarop bereken of gerig is om enige Staat of regering, of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld omver te werp of te beïnvloed;
(ii) optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige Staat of Regering, of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem;
(iii) enige oproer, staking of openbare onlus, of enige daad of handeling wat tot gevolg het of daarop gemik is om oproer, staking of openbare onrus te veroorsaak;
(iv) poging tot optrede wat in klousule (i), (ii) of (iii) hierbo genoem word;
(v) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in klousule (i), (ii), (iii) of (iv) hierbo verwys word.

**LET WEL**

In die koeponpolis word daar geag dat die term "openbare onrus" burgerlike oproer, arbeidsonluste of uitsluitings insluit.
SASRIA kan na sy keuse, sodanige eiendom of enige deel daarvan herstel of vervang of die bedrag van die verlies of skade in kontant betaal tot hoogstens die redelike markwaarde van die versekerde eiendom wat in die skedule van hierdie polis gemeld word, altyd onderworpe aan voorwaarde 8 van hierdie polis. Indien die versekerde eiendom die onderwerp van 'n huurkoop- of soortgelyke ooreenkoms is en die verkoper of verhuurder (hierna die "Eienaar" genoem) 'n belang het by enige gelde wat kragtens hierdie polis aan die Versekerde betaalbaar sou wees ten opsigte van verlies van of skade aan die versekerde eiendom (welke verlies of skade nie deur herstelling of vervanging vergoed word nie) word sodanige gelde, indien dit skriftelik versoek word, aan die betrokke eienaar en/of aan die Versekerde betaal tot die omvang van hulle onderskeie belange solank hulle 'n belang by die betrokke eiendom het, en hulle kwitansie is 'n algehele kwytskelding van SASRIA ten opsigte van sodanige verlies of skade. Behoudens soos uitdruklik hierin bepaal word, wysig of tas niks hierin die regte en aanspreeklikhede van die versekerde of SASRIA aan ingevolge of in verband met hierdie polis of 'n voorwaarde of bepaling daarvan nie.
In die geval van 'n onderdeel, bybehore of toerusting van welke aard ook al wat nodig is om skade aand die versekerde eiendom te herstel of te vervang, onverkrygbaar in die Republiek van Suid-Afrika is as 'n standaard klaarvervaardigde artikel, of ingeval sodanige artikel om enige rede aan die Versekerde geweier word, word SASRIA se aanspreeklikheid nagekom deur die betaling van 'n bedrag gelyk aan die waarde van die betrokke artikel ten tye van die verlies of skade, maar in ieder geval hoogstens die fabrikaat se jongste katalogusprys wat in die Republiek van Suid-Afrika geld.
Indien die eiendom wat ingevolge hierdie polis verseker is weens verlies of skade buite werking raak, sal SASRIA die redelike koste van beskerming en verwydering na die naaste herstellers betaal. SASRIA sal ook die redelike koste van aflewering aan die versekerde na die herstel van sodanige verlies of skade betaal tot hoogstens die redelike koste van vervoer na die Versekerde se adres in die Republiek van Suid-Afrika.

**UITSONDERINGS**

Hierdie polis dek nie die volgende nie:

1. gevolglike verlies uit enige oorsaak hoegenaamd, waardevermindering van enige aard, wat ook beteken die vermindering in die waarde van die versekerde eiendom, hoe dit ook al ontstaan, nadat die eiendom skade opgedoen het waarteen daar verseker is en wat na die herstel van sodanige skade voortduur, slytasie, meganiese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie.
2. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid voortvloei.
3. verlies of skade wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur middel van of ten gevolge van 'n gebeurtenis waarvoor 'n fonds ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en Vergoeding (nr 85 van 1976) gestig is.
4. enige verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur
   (i) oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog;
   (ii) muitery, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg, of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal; en
   (iii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in klousule (i) of (ii) hierbo verwys word.
5. enige eis wat spruit uit enige aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms deur die versekerde aanvaar word, tensy sodanige aanspreeklikheid in die afwesigheid van sodanige ooreenkoms op die Versekerde sou gerus het.
6. enige verlies of vernietiging van of skade aan eiendom hoegenaamd of enige verlies of onkoste hoegenaamd wat as gevolg daarvan is of daaruit voortspruit of gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word of waartoe bygedra word deur of wat ontstaan uit ioniserende straling of kontaminasie deur radio-aktiwiteit afkomstig van kernbrandstof of van enige kernafval weens die verbranding van kernbrandstof. Vir die doel van hierdie uitsondering alleenlik sluit verbranding 'n selfonderhoudende kernsplytingsproses in.

   Die skadeloosstelling wat hierdie polis voorsien, is nie van toepassing op en sluit nie verlies, vernietiging of skade in wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak of waartoe bygedra word deur of wat voortspruit uit kernwapenmateriaal nie.

**UITSLUITING: KERN/CHEMIESE/BIOLOGIESE TERREUR**

Dit word aanvaar dat ondanks enige bydraende faktore, hierdie versekering nie die verliese as gevolg van of bydrae deur 'n daad van terreur wat behels die gebruik van of dreigement van die gebruik van enige kernwapen of apparaat of chemikalieë of biologiese agent sal dek nie.

Vir die doel van hierdie uitsluiting beteken 'n "daad van terreur", 'n daad, insluitende maar nie beperk tot die gebruik van geweld en/of dreigement daarvan, of enige persoon of enige groep persone wat alleen werk of namens of in samewerking met 'n organisasie of regering verbonde aan politiese, godsdienstige, ideologiese, of persoonlike doele of redes insluitende die doel om enige regering te beïnvloed en/of die publiek of enige gedeelte van die publiek te laat vrees.

As dit beweer word dat by enige uitsluiting 'n verlies nie gedek is deur hierdie koepon/polis nie, die verantwoordelikheid om die teenoorgestelde te bewys by die persoon wat verseker is, lê.

**VOORWAARDES**

**1. EISEPROSEDURE**

By die plaasvind van enige verlies of skade moet die Versekerde so gou as wat dit redelik moontlik is die benoemde versekeraar skriftelik daarvan in kennis stel. Die versekerde moet alle sodanige bewyse en inligting in verband met die eis aan SASRIA voorsien as wat redelikerwys verlang word.

**2. SUBROGASIE**

Die versekerde moet op versoek en op koste van SASRIA alle sodanige dade en dinge doen en instem en toelaat dat hulle gedoen word, as wat nodig is of redelikerwys deur SASRIA verlang word met die doel om regte en regsmiddele af te dwing of om bystand of skadeloosstelling van ander partye te vermy, hetsy sodanige dade of dinge voor of na sy/haar skadeloosstelling deur SASRIA nodig of verlang is of sal word.

**3. KONTRIBUSIE**

Indien daar ten tye van die ontstaan van 'n eis ingevolge hierdie polis enige ander versekering bestaan wat dieselfde verlies of skade dek, is SASRIA nie aanspreeklik om meer as sy eweredige deel van die verlies of skade te betaal of by te dra nie.

4. **VOORSORGMAATREëLS**

Die versekerde moet alle redelike stappe neem om die eiendom wat in die Skedule van die polis beskryf word teen verlies of skade te beskerm.

**4. OORDRAG**

Niks wat in hierdie polis vervat word, verleen enige regte teen SASRIA aan enige persoon behalwe die versekerde nie. SASRIA word nie gebind deur enige oorgang van die Versekerde se belang deur dood of regswerking nie.

**5. ARBITRASIE**

(a) indien 'n geskil ontstaan oor die bedrag wat kragtens hierdie polis betaal moet word (waar aanspreeklikheid andersins erken is), word sodanige geskil aan arbitrasie onderwerp ooreenkomstig die Arbitrasiewette wat op daardie tydstip in die Republiek van Suid-Afrika van krag is, en op sodanige plek wat SASRIA bepaal.

(b) waar 'n geskil ingevolge paragraaf (a) hierbo aan arbitrasie onderwerp word, is die Arbiter(s) se toekenning beslissend en bevindend en die maak van sodanige toekenning is 'n opskortende voorwaarde vir enige regsaksie teen SASRIA ingevolge hierdie polis.

**6. BEPERKING**

SASRIA is in geen geval hoegenaamd na afloop van 12 (twaalf) maande vanaf die plaasvind van die gebeurtenis kragtens hierdie polis aanspreeklik nie, tensy die eis dan die onderwerp is van Arbitrasie of 'n hofgeding wat alreeds ingestel is.

**7. AWERY**

Indien die eiendom wat hierkragtens verseker is by die aanvang van die vernietiging van of skade aan sodanige eiendom van groter waarde is as die totale waarde op risiko wat in die Skedule van hierdie polis verskyn in die geval van 'n Motorhandelaar of Vlooteienaar, word die Versekerde vir die verskil as sy/haar eie versekeraar beskou en moet hy/sy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra.

**8. ALGEHELE VERLIES VAN EIENDOM**

Indien enige motor of ander voertuig in bogenoemde woordomskrywing van eiendom deur SASRIA as 'n algehele verlies beskou word, word alle dekking kragtens hierdie polis gestaak ten opsigte van sodanige motor of voertuig vanaf die datum van sodanige algehele verlies en is geen premieterugbetaling aan die Versekerde verskuldig nie.

**9. PREMIE**

Ondanks die feit dat die versekeringstydperk wat in die Skedule gemeld word korter as 12 (twaalf) maande kan wees, is die minimum premie wat die Versekerde kan betaal die volle jaarlikse premie.

**10. GELDIGHEID**

Hierdie polis is nie geldig, tensy dit deur die Benoemde Versekeraar mede-onderteken is nie.

**11. VERANDERING IN DIE GEBRUIK VAN VERSEKERDE EIENDOM**

SASRIA is nie aanspreeklik ten opsigte van verlies van of skade aan die eiendom nie, indien die eiendom ten tye van sodanige verlies of skade deur die versekerde of 'n persoon wat met die versekerde se medewete optree, gebruik is op 'n manier wat gewoonlik sou vereis het dat die eiendom in 'n duurder kategorie verseker moes gewees het as dié wat gebruik is by die vasstelling van die premie wat in die Skedule verskyn.

**12. GEBIEDSPERKE**

Die dekking word beperk tot eiendom in die Republiek van Suid-Afrika.

**13. KANSELLERING**

Hierdie polis kan te eniger tyd op versoek van die versekerde gekanselleer word, maar geen terugbetaling of pro-rata terugbetaling van die premie is in sodanige gevalle betaalbaar nie.

**14. BEDROG**

Indien die eis in enige opsig bedrieglik is en indien enige bedrieglike metodes of middele deur die Versekerde of enigeen wat namens hom/haar optree, gebruik word om enige voordeel ingevolge hierdie polis te verkry en indien enige vernietiging of skade deur die moedswillige daad en met enige vergelykende toelating van die versekerde veroorsaak word, word alle voordele ingevolge hierdie polis verbeur.

RENASA INSURANCE COMPANY LIMITED

**15. WANVOORSTELLING**

Hierdie polis is vernietigbaar in die geval van enige wesenlike wanvoorstelling, wanbeskrywing of verswyging.

**16. AANMELDING VAN EISE BY OWERHEDE**

Alle gebeure wat tot eise kan lei, moet by die Suid-Afrikaanse polisie aangemeld word so gou as wat dit moontlik is in die omstandighede.

RENASA
INSURANCE COMPANY LIMITED